

DESEMBER/DECEMBER 2017

Volume 19 | No 12

# GRAAN SA GRAIN

AMPTELIKE GRAAN SA-TYDSKRIF/OFFICIAL GRAIN SA MAGAZINE



Besoek ons aanlyn

Visit us online



go for growth • aan die groei



# Syngenta Grain Academy

Leierskap in Landbou

## REGISTREER VANDAG!

AANSOEKE IS OOP VIR PRODUSENTE VAN ALLE GEWASSE!  
MOENIE HIERDIE LEWENSVERANDERENDE GELEENTHEID MISLOOP NIE!

Die Grain Academy rus jong produsente toe om 'n aktiewe, innoverende en inklusiewe rol te speel in die bepaling van Suid-Afrika se landbou toekoms.

## DIE PROGRAM FOKUS

Die program fokus op:

- 🌱 Persoonlike leierskap, of hoe om jousef te lei
- 🌱 Hoe om een ander persoon te lei, of een-op-eenleierskap
- 🌱 Hoe om 'n span of 'n groep te lei
- 🌱 Hoe om 'n volgeling te wees in 'n span wat onder iemand anders se leiding staan

Vir meer inligting en om te registreer vir hierdie uitsonderlike geleentheid, besoek die Grain Academy webblad: [www.grainacademy.co.za](http://www.grainacademy.co.za)  
Inskrywings sluit op 15 Januarie 2018.

Die Syngenta Grain Academy word aangebied in samewerking met Graan SA en die Besigheidskool van die Universiteit van die Vrystaat. Hierdie program is geakkrediteer op NKO Vlak 7 en word in 2018 in die Wes-Kaap aangebied.

 GrainAcademy [www.grainacademy.co.za](http://www.grainacademy.co.za)

 **SmartFarm**  
Inspired

 **GrainAcademy**  
Challenge | Conversation | Change | Courage

**syngenta**<sup>®</sup>

Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfweghuis, 1685  
Tel. (011) 541 4000 Faks (011) 541 4072  
[www.syngenta.co.za](http://www.syngenta.co.za)

   @SyngentaSA



## Meet our contributors...

**DR SAFIAH MA'ALI** is from Palestinian descent and was born and bred in Jordan. She completed her Master's Degree in field crop production and breeding at the University of Jordan and her PhD in Agronomy at the University of Stellenbosch.

She worked as a researcher at the Agricultural Research and Technology Transfer Council in Jordan until 1999 when she moved with her husband to South Africa. In 2003 she joined the ARC-Grain Crops as a senior researcher in agronomy and worked as project manager on different national cultivar evaluation trials (maize and sorghum). Recently she became the project manager for sunflower national cultivar evaluation trials.

Dr Ma'ali is married to Dr Sameer – he is a veterinarian and has his own practice in Potchefstroom. They have two children: A son, Aazad, and a daughter, Razan, who are both pursuing their university studies in Canada.

Read more about how delayed planting impacts sunflower yield on page 28.

**LIANA STROEBEL** (Graan SA) berig op bladsy 13 en bladsy 14 onderskeidelik oor 'n plaastoer, wat die Graan SA Landbou-ontwikkelingsprogram in September vanjaar vir nuwe era-graanboere in die Suid- en die Wes-Kaap aangebied het, asook twee boeredae wat by Langgewens Proefplaas en AB InBev op Caledon aangebied is.



Volgens die Nasionale Oesskattingstokomitee se voorname om te plant-verslag wat einde Oktober bekend gestel is, word die verwagte mielie-aanplantings vir die seisoen op 2,47 miljoen ha, sojaboonaanplantings op 720 000 ha en sonneblom op 665 500 ha geskat. Op bladsy 18 kyk **LUAN VAN DER WALT** (Graan SA) na die vraag-en-aanbodscenario's gebaseer op dié voorname om te plant.



Met presisieboerdery word gewoonlik eerste gedink aan die toediening van kalk of kunsmis volgens 'n grondkaart of verwagte opbrengskaart, maar in praktyk is daar heelwat ander plekke waar presisieboerdery 'n groot bydrae kan maak en in plek moet wees om 'n bydrae te kan maak. Soms is dit die klein dingetjies wat 'n groot verskil in die opbrengste kan maak. **PIETMAN BOTHA** (SA Graan/Grain medewerker) verduidelik op bladsy 26 hoe jy jou winste met presisieboerderybeginsels kan optimaliseer.



In response to producers' rising concern about the impact of Sclerotinia diseases in grain fields, Grain SA and Bayer CropScience joined hands to host three information days in different production areas of the country to share more information about this devastating pathogen. **LOUISE KUNZ** (SA Graan/Grain contributor) attended the information day at NAMPO Park – more on page 33.



◀ Tydens die Redaksionele Komitee se afsluitingsvergadering in November vanjaar op NAMPO Park is die tydskrif se medewerkers bedank vir hul gereelde bydrae tot die tydskrif.

**W**ie ken die skrywer Audrey Blignault? Sy was 'n Afrikaanse skrywer en joernalis wat veral bekend is vir haar sketse, essays en kortverhale – en sy is een van my gunstelingskrywers. Ek lees nou die dag 'n stukkie wat sy oor spreekwoorde in *Oulap se rooi* geskryf het.

*“Ek wonder waar en wanneer en in watter omstandighede ou suurknol-spreekwoorde ontstaan het? Byvoorbeeld: Ledigheid is die duiwel se oorkussing. Ons moet soms ledig wees. As ons nie ledig is nie, kan ons nie kuier of gesels of oefeninge doen of lees nie. Ons kan nie deur die tuin stap net om na ons blomme te kyk, met die kinders speel op die grasperk of in 'n warm bad lê en mymer nie. As jy nooit ledig is nie, dink jy nooit. Die duiwel se oorkussing is eerder 'n oormaat van bedrywigheid wat 'n mens naderhand so opeis en so gespanne maak dat jy verlore en ongelukkig voel as jy êrens op 'n plek moet stilsit met jou hande in jou skoot. Nee, ek sê 'n mens moet leer om met vreugde ledig te wees en bog met die duiwel se oorkussing.”*

Jannie de Villiers het ook by die Redaksionele Komitee se afsluitingsvergadering vertel van die boek *GRIT: The power of passion and perseverance* deur Angela Duckworth wat hy besig is om te lees. 'n Mens moet volgens haar *reflect* (terugkyk), *refine* (oor waarheen jy op pad is) en *repeat* (herhaal dit wat jy goed/reg gedoen het en begin weer van voor af).

En is die Kers- en vakansietyd nie juis die ideale tyd om dit te doen nie? Ek weet, ek vind dit ook moeilik om net 'n bietjie “stil te sit” – voel sommer dadelik skuldig en soek iets om te doen, maar 'n mens het nodig om stil te raak om net weer perspektief in jou lewe te kry. So komaan, raak 'n bietjie stil (al is dit voor in jou bakkie, onder 'n doringboom, op die wenakker) en reflekteer oor jou lewe, jou gesin, jou boerdery. Maak tyd om te lees en begin sommer met dié Kersuitgawe van SA Graan/Grain.

Dr Belinda Janse van Rensburg (LNR-Graangewasse) en prof Vinesh Maharaj (Universiteit van Pretoria) bespreek navorsing op en beheer van Diplodia op mielies (bladsy 16), Corné Louw (Graan SA) kyk na die belangrike ekonomiese aanwysers en insetprystendense van 2017 (bladsy 20), Luan van der Walt (Graan SA) verduidelik meer oor diversifikasie (bladsy 22) – én die tema vir 2018 se Graan SA/Sasol fotokompetisie (bladsy 31) word bekend gemaak.

Lekker ontspan saam met jou geliefdes.

Geseënde Kersfees!

Estie

## MEDEWERKERS vir hierdie uitgawe

Pietman Botha, Jannie de Villiers, Alzena Gomes, dr Belinda Janse van Rensburg, ds Koos Kirsten, Louise Kunz, Corné Louw, dr Safiah Ma'ali, prof Vinesh Maharaj, Jaco Minnaar, Jolanda Nortjé, Ruth Schultz, Gerrie Smit, Liana Stroebel en Luan van der Walt



# INHOUD | CONTENTS

DESEMBER/DECEMBER 2017

## GRAAN SA | GRAIN SA

- 8 **Kersboodskap:** Dié skoene moet jy dra
- 9 **Kersboodskap:** Luister en kyk versigtig om jou
- 10 **Ledelandskap**
- 13 Nuwe era-boere toegerus vir hedendaagse uitdagings
- 14 Boeredae fokus op behoeftes

## OP PLAASVLAK | ON FARM LEVEL

- 16 Research on and control of Diplodia in maïze
- 18 **Graanmark-oorsig:** Vraag-en-aanbodscenario's gebaseer op die voorneme om te plant
- 20 **Inset-oorsig:** Belangrike ekonomiese aanwysers en insetprystendense van 2017

- 22 **Prysriskobestuur in 'n neutedop:**  
Deel 6: Bestuur risiko deur diversifikasie
- 26 Presisie-beginsels én presiese produsente verhoog winste
- 28 Delayed planting impacts sunflower yield

## AKTUEEL | RELEVANT

- 30 **Grain SA/Sasol photo competition:** Making and shooting Christmas memories
- 33 Progress being made in control of Sclerotinia
- 34 Sunflower crop quality overview of the 2015/2016 production season
- 36 Samewerking verseker 'n beter toekoms



## EIENAAR/UITGEWER

**GRAAN SA**  
 POSBUS 74087, LYNNWOOD RIDGE, 0040  
 Tel: 086 004 7246  
[www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)

**SUBSKRIPSIE EN VERSPREIDING (ADRESVERANDERING):** Marina Kleynhans  
 SA GRAAN/GRAIN, POSBUS 88, BOTHAVILLE, 9660  
 Tel: 086 004 7246  
 E-pos: [marina@grainsa.co.za](mailto:marina@grainsa.co.za)

## REDAKSIE

Dr Dirk Strydom  
**BESTUURDER: GRAANEKONOMIE EN BEMARKING**  
 Tel: 086 004 7246 • Sel: 082 852 4810  
 E-pos: [dirks@grainsa.co.za](mailto:dirks@grainsa.co.za)

**BESTURENDE REDAKTEUR:** Johan Smit  
 Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806  
 E-pos: [johan@infoworks.biz](mailto:johan@infoworks.biz)

**REDAKTEUR:** Estie de Villiers  
 Tel: 081 236 0534 • Sel: 083 490 9449  
 E-pos: [estie@infoworks.biz](mailto:estie@infoworks.biz)

**REDAKSIONELE ASSISTENT:** Elmien Bosch  
 Tel: 018 468 2716 • E-pos: [elmien@infoworks.biz](mailto:elmien@infoworks.biz)

**GRAFIESE ONTWERP:** Nadine Stork  
 Infoworks Media Publishing  
 Tel: 018 468 2716 • E-pos: [nadine@infoworks.biz](mailto:nadine@infoworks.biz)

**DRUKWERK:** Typo Print  
 Tel: 011 402 3468/9

**MASSAVERSPREIDING:** Prosource  
 Tel: 011 791 0410

**SPOTPRENTTEKENAAR:** Frans Esterhuyse

## ADVERTENSIEVERKOPE

**KOLBE MEDIA – Kaapstad**  
 Jurgan van Onselen – Advertensiekoördineerder  
 Tel/faks: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874  
 E-pos: [jurgan@kolbemediaco.za](mailto:jurgan@kolbemediaco.za)

**INFOWORKS MEDIA PUBLISHING – Johannesburg**  
 Ruth Schultz – Advertensiekonsultant  
 Tel: 081 480 6413 • Sel: 083 583 5243  
 E-pos: [ruth@infoworks.biz](mailto:ruth@infoworks.biz)

## GRAAN SA HOOFKANTOOR

Blok C, Alenti Office Park  
 Withereststraat 457  
 Die Wilgers  
 Pretoria  
 0041

Tel: 086 004 7246  
 Faks: 012 807 3166

Besoek Graan SA by [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za) of skandeer dié QR-kode:



- Die menings van die skrywers van artikels in hierdie blad is hul eie en verteenwoordig nie noodwendig die mening van Graan SA nie.
- *The opinions expressed by contributors are their own. They do not necessarily express the opinion of Grain SA.*
- “Promosie-artikels” is betaalde artikels; terwyl “produkt-inligting”-artikels feite kan bevat oor kommersiële produkte.
- *‘Advertorial’ are paid articles; while ‘product information’ articles may contain facts on commercial products.*

ALLE regte van reproduksie van alle berigte, foto’s, tekeninge, advertensies en alle ander materiaal wat in hierdie tydskrif gepubliseer word, word hiermee uitdruklik voorbehou ingevolge die bepaling van Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr. 98 van 1978 en enige wysigings daarvan.

## ON FARM LEVEL Integrated pest control

# Research on and control of Diplodia in maize

DR BELINDA JANKE VAN RENBURG, ARC Grain Crops, Potchefstroom and PROE VIVIERE MARAZZI, Department of Chemistry, University of Pretoria

Diplodia stalk rot is a disease caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa. It is caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa. It is caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa.

Diplodia stalk rot is a disease caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa. It is caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa.

Diplodia stalk rot is a disease caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa. It is caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa.

Diplodia stalk rot is a disease caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa. It is caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa.

Diplodia stalk rot is a disease caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa. It is caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa.

Diplodia stalk rot is a disease caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa. It is caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa.

Diplodia stalk rot is a disease caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa. It is caused by the fungus *Diplodia zeae* and is the most common maize disease in South Africa.

Unusually abundant on the crop may increase the potential for Diplodia stalk rot, which is particularly so for long-term maize in the grain. Secondly, a greater period in season of two between maize crops allows for a natural breakdown of maize plants, which again reduces the survival of the fungus.

**Crop rotation**  
 Crop rotation reduces Diplodia stalk rot by 1.5 to 2 times. The fungus will not allow maize to be planted in the same field for a period of two to three years. This is because the fungus will not survive in the soil for more than two years.

**Early harvesting**  
 Early harvesting will reduce Diplodia stalk rot as it reduces the time available for the fungus to grow on the ear. Late or winter harvests keep ears wet and increase the plant's susceptibility to the disease. It is possible to harvest early if higher moisture levels and sufficient dry grain. This is possible only if Diplodia stalk rot is not a problem in the area where maize is harvested early and dried artificially.

**Hybrid resistance**  
 Selection of hybrids is very important in the control of Diplodia stalk rot and stalk rot. In general, a resistant hybrid will always have less Diplodia stalk rot than susceptible hybrids relative to growing conditions. This effect is an interaction between the available moisture, the food and prevailing weather conditions.

However, there are many maize hybrids that resist consistently over all localities, but there are some that do not. A project funded by the Maize Trust, the most South African National Corn Growers' Association (ANC) are used to screen maize hybrids primarily for resistance to Diplodia stalk rot and other diseases. Diplodia stalk rot is also used to compare for screening.

Resistance to Diplodia stalk rot is difficult to quantify, does not necessarily mean the stalk is not infected with Diplodia stalk rot. It means that even though the stalk may be infected with Diplodia stalk rot, it will not rot. Resistance therefore is not against the fungus, but by improving stalk rot tolerance.

A sugar rind will still have Diplodia stalk rot which results in the breakdown of the stalk pit tissue within the ear. This ear will not be as long term as the one period effect of actually increasing Diplodia stalk rot. It is more resistant to decomposition and may improve survival of the inoculum which from extensive studies has been shown to survive up to 10 years in the soil. It is therefore important that Diplodia stalk rot resistance is seen in the correct context.

**Diplodia and its associated toxins**  
 Diplodia is a neurotoxin of cattle and horses. It is a neurotoxin of cattle and horses. It is a neurotoxin of cattle and horses.



1. A maize ear with a cross-section showing a white mycelial growth.



2. A cross-section of an ear showing a cross-section of a maize cob with a white mycelial growth.



3. A cross-section of a maize cob showing a cross-section of a maize cob with a white mycelial growth.

# INTEGRATED PEST CONTROL 16

- 37 Nuwe alternatiewe beurs nou oop vir verhandeling
- 38 Eenheid en groter deelname nodig vir 'n beter Suid-Afrika

## RUBRIEKE FEATURES

- 4 Graan SA Standpunt: Hoe nou vorentoe?
- 5 Grain SA Point of View: How do we go forward?
- 7 Uit die Woord
- 7 Op die kantlyn
- 39 Wiele vir die plaas: GWM Steed 5 – goedkoopste turbodieselbakkie in die land
- 40 E-posse: Die padskrapeer



*Voorblad! Cover*  
 Een van Agricol se vlagskip sonneblombasters AGSUN 5278 in blomstadium. Foto geneem deur Alfred Rossouw

agricol go for growth aan die groei

# STANDPUNT POINT OF VIEW



JANNIE DE VILLIERS, HUB/CEO

## Hoe nou vorentoe?

**d**ie jaar het uitgeloopt. Rekordoeste in die noorde en 'n droogteramp in die suide. Dan is daar ook 'n hoogs emosionele vlag van plaasmoorde wat almal ontstig. Die leierskap gaan weer en weer deur al die hoogten en laagtepunte van die jaar. Almal sug diep. Dalk is dit met dankbaarheid dat die jaar verby is of sommer net 'n sug van: "Hoe nou vorentoe?"

Die graanbedryf se leiers gaan dié Desember iewers langs die see of onder 'n Bosveldboom of hoog op in die berge dié moet gaan delf na oplossings vir 2018. As die landboustoestand gunstig is, maak dit alle steiltes meer draaglik, maar dit moet darem ook 'n bydrae lewer om die bankbalanse weer te herstel.

Hier teen die einde van die jaar het ons 'n uitstekende ligpuntjie gekry vanuit 'n oord waaruit 'n mens dit nie sommer verwag het nie. Die Portefeuljekomitee vir Landbou, Bosbou en Visserye het Graan SA genooi om hulle te gaan inlig oor die komende somerseisoen en wat die gereedheidstatus vir die vernietigende kommandowurm wat verlede jaar hier kop uitgesteek het, is.

Wat nuut was, was nie net dat albei ons Ministers (Zokwana en Cele) teenwoordig was nie, maar dat die voorsitter van die portefeuljekomitee Graan SA versoek het om die komitee jaarliks te gaan inlig, want dan sal hulle werklik weet wat daar buite aangaan.

Dit is met so 'n stekie oorgedra – asof hul eie mense dit nie na behore doen nie. Sy het ook verneem na die verslag oor die droogte wat ek verlede jaar by die komitee voorgehou het en Graan SA se hele strategie rakende die hektare wat ons weens die mynaktiwiteite in Mpumalanga verloor en weer suksesvol in die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal vestig.

Dit is hierdie tipe vertrouwe tussen die besluitnemers in ons land en die landbousektor waaroor ons vir jare al droom en aan werk. Ons kon ook rapporteer oor die samewerking met die Departement wat kommandowurms betref. Dit gee my moed dat al die pogings van ons kant af nie sommer net by die agterdeur van die Parlement uitgewaai het nie.

Nog 'n vars briesie so voor die hittegolwe van Januarie en Februarie ons oorval, was die uitkoms van die Agri SA Kongres. Nie soseer die inhoud daarvan nie, maar al die veranderinge wat goedgekeur is. Daar is nuwe leiers vir die volgende tydperk verkies en die bestuurstruktuur is verander na 'n struktuur soortgelyk aan dié van 'n maatskappy (dus met 'n direksie).

Ons het ook alreeds vroeër melding gemaak van die nuwe kundigheid wat bekom is om die organisasie beter te posisioneer vir dit


wat voorlê. Heelwat van ons besighede in en rondom landbou het ook nader gestaan (korporatiewe lede) om aan te dui waar hulle sentiment lê as dit gaan oor verskille met die staat in fundamentele sake soos eiendomsbesit. Dit is regtig verblydend.

Ek het egter 'n klompie jare gelede tydens die Bosoerlog en selfs in die raadsale van ons land, geleer dat as die skote klap, nie almal wat rondom jou staan noodwendig vorentoe hardloop nie. Derhalwe hoop ek maar net dat dit nie in dié geval so sal wees nie. Ons het almal se hulp en ondersteuning nodig vir dit wat voorlê. Sterkte aan Dan Kriek en die nuwe leierskap!

Ek wil die jaar afsluit deur vir oom Boris Kaplan (Tiger Brands) te groet. Hy is gedurende die laaste week van Oktober vanjaar oorlede. Sy gesig is verewig in die *Mielies/Maize*-tydskrif se spotprente van die negentigerjare as een van die sogenaamde "Fat cats".

Oom Boris was die *gentleman* tussen die meulenaars, maar 'n uiters gedugte onderhandelaar. Hy het die kopers en handelaars op menige rade (Mielies, Oliesade en Droëbone) verteenwoordig. Ek het soveel by hom geleer. Hy het die graansektor beslis met onderskeiding gedien en in 'n betreklik beter toestand agtergelaat. ■

“ Dit is hierdie tipe vertrouwe tussen die besluitnemers in ons land en die landbousektor waaroor ons vir jare al droom en aan werk. ”



▲ Dié spotprent (wat in Desember 1996 in *Mielies/Maize* verskyn het) beeld die verwerkers en kopers van mielies as "Fat cats" uit – wat die destydse landbouminister op 'n "uiters opportunistiese wyse" oortuig het van die oorgang tot 'n totale vrye mark. This cartoon (which appeared in *Mielies/Maize* of December 1996) depicts maize processors and buyers as the 'Fat cats' – which convinced the former agricultural minister in an 'extremely opportunistic manner' of the transition to a totally free market.

## How do we go forward?

The year has run its course. Record crops in the north and a drought crisis in the south. And then there is also a highly emotional flare-up of farm murders which is upsetting all. The leadership is reviewing both the high and low points of the year over and over. All are sighing deeply. Maybe it is a sigh of gratefulness that the year is over or just a sigh of: 'How do we go forward?'

The grain industry's leaders will this December, either somewhere by the sea, or under a Bushveld tree or high up in the mountains, have to delve deeply to find solutions for 2018. Should agricultural conditions be favourable, it will make the inclines less steep, but will also have to make a contribution to the recovering of bank balances.

Towards the end of the year we received a bright ray of hope from a quarter one would not quite have expected it. The Portfolio Committee for Agriculture, Forestry and Fisheries invited Grain SA to advise and inform them about the coming summer season and what the state of preparedness was for the devastating plague of the fall armyworm that reared its head locally last year.

What was new, was that not only both our Ministers (Zokwana and Cele) were in attendance, but the chairperson of the Portfolio Committee requested of Grain SA to annually inform the Committee, so that they might actually know what was happening in the grain sector.

Their words had a bite to them – as if their own people were not doing it properly. She also enquired about the report on the drought that I presented to the Committee last year and Grain SA's whole strategy with regards to the hectares lost in Mpumalanga due to mining activities, which we are successfully regaining in the Eastern Cape and KwaZulu-Natal.

It is this type of trust between the decision makers in our country and the agricultural sector which we have been dreaming about

for years and which we were continually working towards. We could also report about the co-operation with the Department with regards to armyworms. It gives me courage that all the efforts from our side was not just swept under Parliament's rug.

Another breath of fresh air before the heat waves of January and February descend upon us, was the outcome of the Agri SA Congress. Not necessarily the content thereof, but the changes that have been approved. New leaders for the next epoch were elected and the management structure was changed to a structure similar to that of a company (thus with a board of directors).

We have already mentioned earlier that new expertise was obtained to position the organisation better for what lies ahead. Many of our businesses in and around agriculture also came to the party (corporate members) to indicate where their sentiments lie with regards to differences with the state about fundamental issues such as property rights. This is really encouraging.

I have, however, a few years ago during the Bush War and even in the boardrooms of our country, learned that when the shots are fired, not everyone around you necessarily runs to help. Therefore, I can only hope that it will not be the same in this case. We need everybody's help and support for what lies ahead. All the best to Dan Kriek and the new leadership!

I wish to close the year by saluting uncle Boris Kaplan (Tiger Brands). He passed away during the last week of October. His face was immortalised in the *Mielies/Maize* magazine cartoons of the nineties as one of the 'Fat cats'.

Uncle Boris was the gentleman among the millers, but a very shrewd negotiator. He represented the buyers and traders on many boards (maize, oil seeds and dry beans). I learned so much from him. He definitely served the grain sector with distinction and left it in a relatively better condition. ■

# KOMMANDOWURMS! UUUITTREEE!

- Vinnige uitklopaksie stop voeding onmiddellik met geen verdere gewasskade
- Lang nawerking verseker effektiewe beheer met minder toedienings
- Beheer alle lewensstadia – eiers, larwes en motte

**AMPLIGO®. Die slim keuse vir die beheer van Kommandowurms op mielies en sojabone.**



**LEES DIE ETIKET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE**

AMPLIGO® bevat chloorantraniliproot en lambda-sihalotrien (Reg. Nr. L8685, Wet Nr 36 1947) SKADELIK.  
Syngenta Suid-Afrika, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel: 011 541 4000. [www.syngenta.co.za](http://www.syngenta.co.za)  
Alle gelyste produkte is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Group Maatskappy.





# Uit die WOORD



DS KOOS KIRSTEN

**d**it is wonderlik om te sien hoe 'n vrugteboom na die winter weer uitloop en as't ware met 'n nuwe lewe begin. 'n Nuwe seisoen met al die beloftes van 'n goeie oes en alles wat daarmee saamgaan. Soveel meer nog as bome weer uitloop na 'n lang en ernstige droogte.

'n Boom wat as dood agtergelaat is, maar tog weer begin groei, is iets wat 'n mens hoop op die toekoms gee en jou weer moed laat skeep om voort te gaan.

So het die Here deur die profeet Jesaja aan die volk Israel 'n boodskap van 'n nuwe begin, 'n boodskap van hoop en nuwe moed gestuur. In Jes. 11:1 lees ons dat die Here sê dat Hy 'n takkie uit die dooie stomp van Isai sal laat spruit.

Isai was die vader van Dawid, die voorvader van Jesus Christus. Jesus was die loot – hierdie takkie wat 'n nuwe begin gemaak het. Hy het gekom om alles weer nuut te maak.

Eersdaags gedenk ons weer die geboorte van Jesus. Dan kan en moet ons weer dink aan dit wat Hy in die wêreld kom doen het. Hy het weer lewe kom gee waar die sonde en die dood geheers het – sonde soos onreg, moord, haat, stryd en jaloesie en al die ander slegte dinge wat in die wêreld gebeur en wat ons aan mekaar doen of vir en van mekaar sê.

Christus het gekom om ons van ons sonde en ellende te verlos. Hy het gekom om ons verhouding met God te herstel. Hy het gekom om aan ons 'n nuwe lewe te gee, die ewige lewe. Saam met die Vader het Hy die Heilige Gees aan ons gegee om ons te wederbaar. Só spruit daar dan 'n nuwe takkie uit die ou dooie stomp van ons hart. 'n Loot wat vrug kan dra, spruit voort – die vrug van die Gees (Gal. 5:22).

Christus is uit die ou dooie stomp van Isai gebore om 'n nuwe begin te maak. Uit ons dooie harte laat groei Hy 'n takkie wat weer vrug kan dra. Laat ons dan ook tydens hierdie Kerstyd daaraan dink en ook die vrug waarvoor ons bestem is, dra. ■

## Wen 'n Bybel

Ook beskikbaar in Engels, Zulu en Xhosa.

Stuur 'n e-pos na [estiedv@mweb.co.za](mailto:estiedv@mweb.co.za) of faks na 086 275 4157 voor die einde van die maand waarin die uitgawe verskyn en staan 'n kans om hierdie Bybel te wen.

bybelgenootskap van suid-afrika



Baie geluk aan Lettie Chaka van Bothaville wat vir die November-uitgawe van SA Graan/Grain die gratis Bybel gewen het.

## Op die KANTLYN

# 24% ↑

Trekkerverkope van 704 eenhede in Oktober is aansienlik (24%) meer as die 567 eenhede wat Oktober verlede jaar verkoop is.

# 2 meer

Stroperverkope van 20 eenhede in Oktober is twee eenhede meer as die 18 eenhede wat verlede jaar in dieselfde tyd verkoop is.

– Persverklaring deur die Suid-Afrikaanse Landboumasjinerieassosiasie op 6 November 2017

Gee gerus jôu mening van die kantlyn af:



[estie@infoworks.biz](mailto:estie@infoworks.biz)



083 490 9449

## Deregulering 20 jaar oud!

**6 Januarie 1997** – die Nasionale Landbouemarkingsraad (NLBR) word gestig

**30 April 1997** – die Sorghumforum word gestig

**1 Mei 1997** – die beheerrade word afgeskaf en 'n vryemarkstelsel geld voortaan

**8 September 1997** – die Olie- en Proteïensade Ontwikkelings-trust (OPOT) word geregistreer

**1 November 1997** – die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL) begin graanontledings- en verwante dienste aan die graanbedryf lewer

**11 November 1997** – die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) word geregistreer

**13 November 1997** – die Wintergraantrust en die Wintergraan Algemene Trust word gereregistreer en is op 1 Januarie 1998 in bedryf gestel

In **1997** word die Sonneblom- en Sojaboonforum ook gestig

– 'n Reis deur tyd – die Graan- en oliesadebedryf van Suid-Afrika – uitgegee deur Graan SA



# Dié skoene moet jy dra

**R**espek is een van die hoekstene van enige samelewing en respek is ook die kern van die oplossing van ons land. Maar wat ons van respek verstaan, skiet soms ver tekort.

Respek word deur die Engelse woordeboeke as tweeledig aangegee. Ons verstaan respek oor die algemeen as agting of bewondering vir iemand oor sy kennis, gedrag en prestasies. Maar min van ons verstaan die tweede deel, die deel waar dit gaan oor om empatie te hê vir iemand anders se gevoelens, wense en regte. Om jou met ander woorde in te leef in dit waarmee iemand anders moet deel – om jou in daardie persoon se skoene te kan plaas. Hier faal ons mateloos. As jy respek vir ander het, sal jy eers dink oor hoe dit wat jy sê of doen, ander kan affekteer en beïnvloed voor jy doen of praat.

The Bible tells us in Matthew 5 about the reward for people that master this talent. But the Beatitudes sermon also tells us about the other qualities that form part of the character of the true people of God. All the qualities that a Christian should have.

But in the shoes of others one should also look back at oneself. To who and what you see. Christmas is a time of festivity and family, of reflecting on the past and looking forward to the future. Let this also be a time of introspection. Who do others see in you? Is it Jesus Christ? That is what the Word expects from us.

Daar lê 'n wonderlike 2018 vir ons almal voor as ons almal besluit om diensbaar te wees, met God se hulp en leiding en as gemeenskappe ons paadjie na die toekoms uitkap. Ons het 'n verantwoordelikheid teenoor onself en ons kinders se toekoms om ons los te maak van die donker om ons – hierdie negatiewiteit. Ons benodig 'n losmaak van die verlede en 'n fokus op dit wat positief en opbouend is.

Salig is dié wat in God se Woord wandel! Mag hierdie Kerstyd vir jou, jou gesin, maar ook jou gemeenskap, geseënd wees en mag Sy saligheid op jou en jou familie rus!

Jaco Minnaar  
Voorsitter, Graan SA ■



**Congratulations to Edwin Mahlatsi from the Free State on winning the New Era Commercial Farmer of the Year 2017.**

He was able to harvest more than 250 tonnes of maize despite the drought in 2015/2016.

Left to right: Cobus Wells, Head: Absa Agribusiness Sector, Edwin Mahlatsi and Antois van der Westhuizen, Managing Director: John Deere Financial, Sub-Saharan Africa.

# Luister en kyk versigtig om jou

**E**k wil vanjaar se Kersboodskap neem uit wat ons in Lukas 24:13 - 35 by die Emmausgangers kan leer. Jy kan wel argumenteer dat dit met Jesus se kruisiging te doen het en nie met Sy geboorte nie. My beroep op jou is egter om hierdie Kersfees stadig te loop en jou geestesoë oop te hou om Hom raak te sien.

Ons kan so maklik in 'n terugblik oor die jaar in al die gebeure van die jaar vaskyk, soveel so dat ons Hom wat al die tyd saam met ons stap, nie sien nie. Die politieke gebeure wat die nuus die afgelope jaar so ontstier het, die swak pryse van ons produkte, sowel as die droogte in die Wes-Kaap, kan ons oë – soos die Emmausgangers s'n – gesluit hou sodat ons die Kind miskyk.

Jesus het nie gekom om met 'n donderslag in jou lewe in te kom en Hom so te openbaar nie. Hy doen dit sag en rustig. Maak seker jy sien jou geliefdes dié Kersfees ráák op dié plek waar hulle in hul lewens is. Luister weer versigtig waaroor jou kinders en kleinkinders droom. Sag en rustig soos ons Heiland.

Gee stadig leiding en hoop vir elk, bloot omdat ons glo in Hom wat gekom het. Moenie dat die gebeure in "Jerusalem" ons so ontstig dat ons Sy krag en versorging miskyk nie. Hy is in beheer en Hy sal sorg – kom wat wil.

When Jesus eventually revealed Himself, He called upon the disciples' faith in the Word. Do you still believe His Word? Christmas is the time to reflect on your faith and that faith that supersedes all the earthly things that trouble us so much. He came to save us from our sins and the fear of things that may never happen.

My prayer is that your heart will also burn within you after your meeting with the Christ that came to Earth to save us. Make time to look around you to find Him that walks with us. Take courage and don't lose heart. He is Emmanuel – God with us!

Geseënde Kersfees!

Jannie de Villiers  
HUB, Graan SA ■



Die 2017 Graan SA/Syngenta Graanprodusent van die Jaar is toegeken aan AC van Wyk van die Vrystaat.

Ons is trots op jou en dankbaar vir ons gesamentlike verbintenisse tot uitnemendheid binne jou uitmuntende boerdery.

Van Wyk het 'n mielieboerdery met 'n lang familiegeskiedenis wat dateer uit die 1840's. Hy is die sewende geslag wat boer op die plaas. Van Wyk het ongeveer 6 000 ha bewerkbare grond, wat bestaan uit landerye met 'n watertafel.

AC van Wyk en sy vrou Lizelle



[www.deere.com/sub-saharan/en](http://www.deere.com/sub-saharan/en)  
[Africa@johndeere.com](mailto:Africa@johndeere.com)  
Kliëntediens: 0800 983 821

# LEDE-LANDSKAP

'n 180°-blik op ons lede en tak-aktiwiteite



ALZENA GOMES, skakelbeampte, Graan SA

## Graan SA netwerk wyd en syd

**d**ie laaste paar maande van 2017 was baie bedrywig vir die Graan SA-span wat wyd en syd boeredae bygewoon – en selfs 'n plaaslike gholfdag ondersteun het.

Die Graan SA/Bothaville Gholfdag het lede, produ-sente en dorpenaars na die Bothaville Gholfklub gelok. As blyk van waardering vir die dorp se betrokkenheid tydens die NAMPO Oesdag, is die hele Bothaville-gemeenskap betrek.

Graan SA-ledebeemarkers was verder doenig by beide die Boertjiefes op Bultfontein en die Mpumalanga skou in Nelspruit.

Die Graan SA-uitstalling tydens die Boertjiefes is voorafgegaan deur 'n suksesvolle Safex-kursus wat teen 'n verlaagde tarief vir Graan SA-lede aangebied is.

Die Wes-Kaap het ook 'n beurt gekry en die Swartland Skou op Moorreesburg was die ideale geleentheid om internasionale toergroepe en 'n paar ander bekende besoekers in die Graan SA-ledetent te verwelkom. Graan SA het saam met Nedbank en Kaap Agri 'n ontbytseminaar vir 'n volgepakte saal aangebied, met sprekers wat onder meer dr Henning Gericke (spansielkundige vir die Springbokke), wat die psige van 'n kampioen bespreek het, mnr Jannie de Villiers (HUB, Graan SA), wat die omdraaistrategie van koring bespreek het en me Annelize Crosby (Agri SA), wat 'n oorsig oor grondhervorming en wetgewing gegee het, ingesluit het.

En om die jaar op 'n hoë noot af te sluit, het Graan SA eksklusiewe ledevoordele vir opbetaalde lede by alle takke van Action Ford beding. Besonderhede oor die spesiale aanbieding kan verkry word deur Action Ford te kontak. Die kontakbesonderhede verskyn in die advertensie op bladsy 11. ■



- ▲ 1: Luan van der Walt het 'n Safex-kursus tydens die Boertjiefes aangebied en die Graan SA-uitstalling by die fees behartig.
- ▲ 2: 'n Internasionale toergroep het ook 'n draai by die Swartland Skou op Moorreesburg gemaak.
- ▲ 3: Toit Wessels (assistent-bestuurder: NAMPO en Bemaking, Graan SA), tweede van regs saam met Breyton Milford (Agri Expo), Daneel Rossouw (Nedbank), Hugo Lochner (Veep/laas) en Pierre Vlok (BKB) tydens die skou.



### FEESTYD IS FAMILIETYD!

Monsanto wens jou en jou geliefdes 'n feestyd gevul met liefde, lag en saamwees.

Mag elke dag vreugde inhou en die nuwe jaar geseën wees met nuwe geleenthede en die geesdrif om die meeste van elke dag te maak. Monsanto sien daarna uit om elke geleentheid saam met jou aan te pak.



Kersfees ... 'n tyd om ons seëninge te tel.



*Your Window to Service Excellence*  
[www.actionford.co.za](http://www.actionford.co.za)

# SPESIALE AANBIEDING OP ENIGE NUWE FORD VOERTUIG SLEGS VIR OPBETAALDE GRAAN SA LEDE SLEGS BY ACTION FORD



Kontak Vrey Viljoen op 072 615 7222 of per e-pos  
[vrey@actionford.co.za](mailto:vrey@actionford.co.za) vir jou spesiale aanbieding



[www.actionford.co.za](http://www.actionford.co.za) | 0860 ACTION



Graan SA wens alle  
heffingsbetalers en invorderingsagente  
'n GESEËNDE KERSGETY toe



Afgr  
Allem Bros  
Amandel Graan Bemaking  
Bester Voer & Graan  
BKB Grainco  
Blinkwatermeule  
Botselo Mills  
COFCO AGRI  
Countrywide Nuts  
Cultigrain  
Elkana  
Farmwise  
Francois Minnaar  
Golden Peanut Company  
Grain Capital

Gritco  
GWK  
Kaap Agri  
Lemacor Peanuts  
Mirador Agri  
Moreson Veevoere  
NWK  
Overberg Agri  
Overberg Agri/MKB  
OVK  
PANNAR  
Perdigon  
Pimankus  
Qualita Seeds  
Rand Agri

Re-Groundnuts  
Roba Foods  
Schoeman Boerdery  
Senwes  
Silostrat  
Soill  
SSK  
Suidwes Landbou (Africum  
Commodities)  
TWK  
Unigrain  
Vaalharts Groundnuts Marketing  
VKB Vrystaat  
VKB Limpopo  
WKG

*Dankie aan ons produsente vir die betaling van hul bedryfshetting  
asook die instansies wat die invordering daarvan behartig*



# Nuwe era-boere toegerus vir hedendaagse uitdagings

**LIANA STROEBEL**, ontwikkelingskoördineerder, Graan SA

**D**ie Graan SA Landbou-ontwikkelingsprogram het gedurende September vanjaar 'n plaastoer vir 24 nuwe era-graanboere aangebied. Hierdie boere het bestaan uit klein en groter, asook nuwe- en gevorderde graanboere in die Wes-Kaap wat hoofsaaklik gemengde boerderye het.

Die doel van die inisiatief is om boere blootstelling te gee aan kommersiële praktyke wat deur produsente ingespan word, om onder meer doeltreffendheid en winsgewendheid te verhoog.

Hierdie jaar se plaasbesoeke het hoofsaaklik gefokus op medium-grootte kommersiële produsente waarby nuwe era-boere aanklank kon vind. Onderwerpe wat bespreek is en inligting wat tydens die besoeke oorgedra is, het hoofsaaklik gefokus op hoe die spesifieke produsente begin boer het, wat hul huidige uitdagings is, hoe hul

die somme laat klop, die balans tussen hul graan- en veevertakking, rekordhouding en algemene areaspesifieke bestuurspraktyke.

Die inligting en beginsels wat tydens hierdie besoeke oorgedra is, is van onskatbare waarde. Ons wil hiermee graag die Wintergraan-trust, wat hierdie toer moontlik gemaak het, hartlik bedank vir hul ondersteuning van hierdie inisiatief.

Ons wil ook elke produsent en rolspeler wat hul deure vir ons oopgemaak het, bedank vir hul bereidwilligheid om hul kennis en ondervinding sonder skroom met ons toergroep te deel. Ons glo dat nuwe kontakte, bande en vriendskappe gevorm is en dat almal wat die toer bygewoon het, nuwe beginsels en praktyke saam met hulle terug plaas toe kan neem om die doeltreffendheid en lewensvatbaarheid van hul graan- en veeboerderye te verhoog. ■



- ◀ 1: Die toergroep wat gedurende September op 'n plaastoer in die Suid- en Wes-Kaap was, het ook 'n draai by Soill gemaak.
- ▶ 2a tot 2c: By Frehan Bester het die boere meer inligting oor skaap-, plaag- en onkruidbeheer- en algemene meganisasiebestuurspraktyke ontvang. Verskeie ander produsente is ook besoek.
- ▶ 3: Dr Johann Strauss van die Wes-Kaapse Departement van Landbou het inligting oor dekgewasse met hulle gedeel.
- ▶ 4: Pieter van der Walt van Moorreesburg het die boere meer oor graanbemarking vertel.



# Boeredae fokus op behoeftes

LIANA STROEBEL, ontwikkelingskoördineerder, Graan SA

**G**raan SA se Wes-Kaapse Landbou-ontwikkelingsafdeling het op 16 Augustus en 4 September onderskeidelik twee suksesvolle boeredae by Langgewens Proefplaas en AB InBev (voorheen SAB) op Caledon aangebied.

Die opkoms van Wes- en Suid-Kaapse nuwe era-boere, mentors asook plaaslike insetverskaffers en rolspelers was bevredigend. Die onderwerpe wat tydens hierdie dae behandel is, het gefokus op spesifieke inligtingsbehoefte wat gedurende die jaar deur die boere geïdentifiseer is. Die onderwerpe het onder meer Graan SA se werksaamhede en ondersteuning aan nuwe era-boere, chemiese weerstand op plase, die balans tussen graan- en veevertakings, asook die doelwit en prosesse van ontwikkelingsbefondsing ingesluit.

Hierdie waardevolle inligting is in die Swartland deur mnr Koos Blanckenberg (Graan SA), Attie Haasbroek (Omnia), Philip de Waal (Locheim Boerdery) en me Rose Horne (Wes-Kaapse Departement van Landbou) aangebied. Die dag is afgesluit met die besigtiging van proewe onder leiding van dr Johann Strauss (Wes-Kaapse Departement van Landbou).

Met die Caledon-boeredag is mnr Toit Wessels (Graan SA), Schalk Viljoen (produsent), Jannie Bruwer (Bayer) en Jerry Aries (Wes-Kaapse Departement van Landbou) as sprekers verwelkom, met 'n proefbesoek onder leiding van mnr Frikkie Lubbe (AB InBev).

## Op Langgewens



- ▲ 1: Verskeie sprekers het op Langgewens Proefplaas gefokus op spesifieke inligtingsbehoefte wat gedurende die jaar deur nuwe era-boere geïdentifiseer is.
- ▲ 2: 'n Ter plaatse besoek is ook aan die proewe op Langgewens gebring.

**ONS WENS  
JOU EN JOU  
GESIN  
'N GESEËNDE  
KERSFEES  
EN 'N  
GELUKKIGE  
NUWE  
JAAR**

**MBFi**  
Jou wetenskaplike groeivenoot

**Foundation Pack**  
Soybean Ultra

**Foundation Pack**  
Soybean Excellence

**FUNCTIONAL**

**MoB**

**N-Zyme+**  
Performance Nutrition





3



4

- ▼ 3: Dr Johann Strauss verduidelik aan die boere watter belangrike rol dekgewasse en minimumbewerking in 'n boerderystelsel speel.
- ▲ 4: Koos Blanckenberg het die boere oor Graan SA se werksaamhede en ondersteuning aan boere ingelig.

## Op Caledon



5



6



7



8

- ▲ 5: Die nuwe era-boere het die oggend eers by AB InBev se perseel op Caledon bymekaargekom, waar hulle na verskeie sprekers geluister het.
- ▼ 6: Jannie Bruwer het die boere meer vertel van chemiese weerstand op plase en hoe om dit te bestuur.
- ▲ 7: 'n Proefbesoek, onder leiding van Frikkie Lubbe, is by AB InBev se garsproewe gedoen.
- ▲ 8: Die boere belyk die spuit wat op die proefplaas gebruik word van nader. ■

**JHB TRACTOR SPARES®**

Specialists in replacement parts for

**FORD, FIAT, NEW HOLLAND  
and MASSEY**

Tel: (011) 615-6421/677-2100 • Fax: (011) 622-4311/616-5144  
Email: [jhbtrac@icon.co.za](mailto:jhbtrac@icon.co.za) • [www.jhbtractorspares.co.za](http://www.jhbtractorspares.co.za)

# Research on and control of *Diplodia* in maize

DR BELINDA JANSE VAN RENSBURG, ARC-Grain Crops, Potchefstroom and  
 PROF VINESH MAHARAJ, Department of Chemistry, University of Pretoria

**D**iplodia stalk and ear rot is caused by the fungus *Stenocarpella maydis* and can be encountered throughout the world. Diplodia ear rot is usually noted in seasons with early drought followed by excessive and extended rainfall during the maturation stage of the maize plant. Diplodia stalk rots become common in seasons where early season rainfall is followed by a midseason drought period during grain fill.

Diplodia ear and stalk rot disease produces specific mycotoxins which have been shown to affect animals differently in various studies, many of which were originally determined in South Africa where field symptoms of diplodiosis were initially reported.

Diplodiosis is defined as a nervous disorder of cattle and sheep resulting from the ingestion of mouldy cobs infected by *S. maydis*.

## The past

The first record of diplodiosis in South Africa is a report by Van der Bijl in 1914 in the region of the Mooi River in the KwaZulu-Natal province. He reported an outbreak of 'sickness' in cattle which was characterised by paralysis following grazing on harvested maize fields.

Over the past three decades in South Africa, various reports of diplodiosis in livestock were received from veterinarians and producers. However these outbreaks have not been confirmed to be caused by *Diplodia* contaminated residues.

## The present

### *Stenocarpella maydis* (*Diplodia*) ear rot

Drought during the early season, followed by rain during the late season, can lead to *Diplodia* ear rot epidemics, especially where high inoculum sources are present on stubble covering soil.

This fungus has the ability to produce spore producing structures that can survive on maize stubble through the winter while producing spores during spring.

These spores then infect plants throughout the growing season. After rain or

during high humidity, these structures release spores in the air, which land on maize plants and infect the base of the ear/leaf junction and ramifies upwards into the ear. The entire ear becomes overgrown with a white mycelial growth (**Photo 1**).

If a cross section is made of an infected ear, black spore-producing bodies at the kernel bases can be seen (**Photo 2**). Late season infections may occur when kernel moisture is low, but these symptoms are less obvious. Infections that show little or no symptoms are locally referred to as 'skelm *Diplodia*'.

*Diplodia* ear rot can re-occur (epidemic) in certain areas and infected grain is then harvested with the healthy grain, thereby reducing grain quality. Reduced grain quality will have negative financial implications as this reduces the price the producer receives for his grain. During such an epidemic when early infections are present, yield losses can be of great economic importance.

### *Stenocarpella maydis* (*Diplodia*) stalk rot

This fungus is common in all maize producing areas and in seasons with early rains and persisting late season droughts, this disease becomes very damaging, resulting in lodging and poor grain fill.

*Diplodia* stalk rot reduces yield by reducing nutrient and moisture uptake to ears during grain fill. This sink (the ear) extracts sugars from the stalk which further predisposes the stalk to fungal growth and further reduces nutrient uptake.

This continual sink-source cycle reduces yield. The onset of windy conditions whilst plants are drying results in lodging (**Photo 3**) and further economic losses as ears have to be picked by hand. Estimated annual yield losses of 5% to 20% may occur due to *Diplodia* stalk rot and lodging.

The fungus overwinters in a mycelial form in maize stubble (buried or on the soil surface) throughout the winter. Under warm, moist conditions, pycnidia develop which release spores which are spread by wind and rain.

Infections of plants occur mainly through the crown and roots and occasionally at the nodes between the crown and ear. Infection

usually takes place two to three weeks after silking under favourable conditions. Dry early season conditions followed by rain during silk formation favour *Diplodia* ear rot, whereas a wet early season followed by drier conditions or heat stress is likely to result in more severe *Diplodia* stem rot.

Stalk rot symptoms appear several weeks after silking. Leaves of infected plants wilt, become dry and appear greyish-green. Lower internodes become brown and spongy. Small, black fruiting bodies (pycnidia) cluster near the nodes of the rind.

The rind may also be covered by a white mycelial growth. The stalk pith discolours and disintegrates with vascular bundles remaining intact. This weakening of the stalk predisposes plants to lodging during strong winds and rain prior to harvest.

## Control measures for *Diplodia* ear and stalk rots

It is critical that *Diplodia* ear and stalk rot control is seen holistically and that other control measures are included in an integrated control programme to manage both *Diplodia* ear and stalk rots.

### Stubble reduction/retention

Control of *Diplodia* ear rot includes surface stubble reduction by means of grazing, burning, baling or ploughing in of surface maize stubble. As the fungus (*S. maydis*) survives on maize stubble and survives poorly in soil, any management practice that reduces levels of infected surface stubble will reduce inoculum concentrations in the field.

The removal of stubble for a single season and then resorting back to stubble retention practices, only reduces *Diplodia* ear rot for that specific season. Where stubble is present the following season, the risk of *Diplodia* ear rot will increase to its original level, should weather conditions be favourable.

### Stress reduction

Avoid planting unrealistically high plant populations on marginal soils and in areas where there is a high probability of drought, leaf or alternate stalk rot disease conditions. Ensure plant nutrition is adequate and balanced relative to the yield potential of the land or area to be planted.


Unnecessary stressors on the crop may increase the potential for Diplodia stalk rot, which indirectly in the long term may increase inoculum levels on the land and under conditions favourable for Diplodia ear rots an epidemic may occur.

### Crop rotation

Crop rotations reduce Diplodia ear rots by reducing inoculum levels in two ways. Firstly, a non-host for the fungus will not allow the fungus to persist for the season where maize is not grown. Secondly, a greater period (a season or two) between maize crops allows for a natural breakdown of maize stubble, which again reduces the survival of the fungus.



▲ 1: A maize ear overgrown with white mycelial growth.



▲ 2: A cross section of an infected maize ear, showing black spore-producing bodies at the kernel bases.



▲ 3: Lodging of maize plants due to Diplodia stalk rot. Photo: Prof Bradley Flett

Leguminous crops, such as soybeans, dry beans, groundnuts and cowpeas are very good rotation crops. Other rotation crops that reduce Diplodia ear rots, are wheat and oats. Sunflowers do not significantly reduce Diplodia ear rots under experimental conditions. The reason for this has not yet been found.

### Early harvesting

Early harvesting will reduce Diplodia ear rots as it reduces the time available for the fungus to grow on the ear. Late or winter rains keep ears wet and increase the chance for fungal growth. In certain cases, it would pay to harvest early at higher moisture levels and artificially dry grain. This is possibly why Diplodia ear rot is not a major problem in the USA where maize is harvested early and dried artificially.

### Hybrid resistance

Selection of cultivars is very important in the control of Diplodia ear and stalk rots. In general, a resistant hybrid will always have less Diplodia ear rot than susceptible hybrids relative to prevailing conditions. This effect is an interaction between the available inoculum, the host and prevailing weather conditions.

However, there are many maize hybrids that react consistently over all localities, but there are some that do not. In a project funded by the Maize Trust, the local South African National Cultivar Trial entries of the ARC are used to screen maize hybrids annually for resistance/susceptibility to Diplodia ear rots under various weather and inoculum conditions. Diplodia inoculum is also supplied to companies for screening.

Resistance to Diplodia stalk rot is difficult to quantify as plant standability or resistance to lodging, does not necessarily mean the stalk is not infected with Diplodia stalk rot. It means that even though the stalk may be infected with Diplodia stalk rot, it will not lodge. Resistance therefore is not against the fungus, but by improving stalk rind thickness.

A thicker rind may still have Diplodia stalk rot which results in the breakdown of the stalk pith tissue within the rind. Thicker rinds may in the long term have the unintended effect of actually increasing Diplodia inoculum as it is more resistant to decomposition and may improve survival of the inoculum which from extensive studies has been shown to survive successfully in intact maize residues, particularly those retained on the soil surface. It is therefore important that Diplodia stalk rot resistance is seen in the correct context.

### Diplodiosis and its associated toxins

Diplodiosis, a nervous disorder of cattle and sheep, results from the ingestion of ears

infected by Diplodia. Cases of diplodiosis occur from six days to two weeks after the animals are placed on fields with infected maize cobs.

The disease is characterised by reluctance of the animals to move, a wide-based stance, inco-ordination, tremors, paralysis and death. The disease also causes abnormal foetal development and foetal death.

Field outbreaks of diplodiosis in southern Africa are favoured by late, heavy rains and occur during the late winter months (July to September). The practice of using harvested maize fields for winter grazing is a major contributing factor to outbreaks of this mycotoxicosis. In addition to diplodiatxin, new metabolites, namely dipmatol, diplo-nine and chaetoglobosins K and L, have recently been isolated from Diplodia infected crops.

To date, none of these pure metabolites have been administered to ruminants in order to reproduce the disease. Laboratory analytical test methods that quantify and establish the presence and distribution of these toxins in infected maize commodities are also lacking.

### The future

In a current Maize Trust funded project, the University of Pretoria (Departments of Chemistry and Veterinary Science), the Department of Biotechnology and Food Technology (TUT), South African Grain Laboratories (SAGL) and ARC-Grain Crops are currently collaborating in producing the various Diplodia mycotoxins in sufficient quantities to develop an analytical test for the detection of the metabolites in infected maize as well as to confirm Diplodiosis of these metabolites in target animals.

### Who will benefit from this research?

Little research has been done internationally and this technology will give South African maize producers, livestock producers, regulatory authorities and final consumers a distinct advantage. The availability of an analytical test method will ensure that maize products supplied to the wide range of consumers are free of the mycotoxins rendering them safe.

Animal feed samples can be routinely tested for the presence of Diplodia mycotoxins and furthermore cases of diplodiosis can be confirmed or disproved enabling intervention methods. The technology will benefit the South African and international research community, enabling new avenues of research that will give practical solutions to all beneficiaries involved. ■

# GRAANMARK

-oorsig

– 8 November 2017

LUAN VAN DER WALT, landbou-ekonomies, Graan SA



## Vraag-en-aanbodscenario's gebaseer op die voorneme om te plant

Volgens die Nasionale Oeskattingstelsel (NOK) se voorneme om te plant-verslag wat einde Oktober bekend gemaak is, word die verwagte mielie-aanplantings vir die seisoen op 2,47 miljoen ha geskat – wat slegs 'n 6% daling is, gemeenteen die huidige seisoen se oppervlakte aangeplant.

Sojaboonaanplantings word op 720 000 ha vir die seisoen geskat, terwyl dié van sonneblom op 665 500 ha geskat word. Die grondbone- en sorghumoppervlakte word verwag om met 17% en 3,2% onderskeidelik toe te neem.

### Vraag-en-aanbodscenario's

Tabel 1 tot Tabel 3 toon die verkorte vraag-en-aanbodscenario's, wat moontlik die komende seisoen gesien kan word, gegewe die huidige voorneme om te plant en aannames vir maandelik opbrengssituasies. Die vraag-en-aanbodscenario's is saamgestel vir die drie grootste somergrane, naamlik mielies, sojabone en sonneblomsaad en die volgende aannames is met die opstel van die scenario's gemaak:

- Verbruik = drie jaar gemiddeld
- Opbrengste gebruik in die scenario's
  - Scenario 1: Laagste opbrengs oor die afgelope vyf jaar
  - Scenario 2: Gemiddelde opbrengs oor die afgelope vyf jaar
  - Scenario 3: Rekordopbrengs

Tabel 1 toon die vraag-en-aanbodmoontlikhede van mielies vir die 2018/2019-seisoen – sou die huidige voorneme om te plant realiseer, terwyl **Grafiek 1** 'n grafiese voorstelling van die mielieproduksie, uitvoerbare surplus en uitvoerbare surplus is – as 'n persentasie van die plaaslike verbruik.

Dit is duidelik uit Tabel 1 dat indien scenario 1 (sien opbrengsaannames bo) sou plaasvind, die totale uitvoerbare surplus in

die mark in die komende seisoen ongeveer 1,45 miljoen ton sal beloop. Dit beteken dat die produksie, tesame met die seisoen se oordragvoorraad, heelwat nader aan 'n gelykbreekoes sal wees, met slegs 'n klein uitvoerbare surplus.


Indien scenario 2 sou realiseer, sal die produksie plus oordragvoorraad die land met 'n uitvoerbare surplus van ongeveer 3,85 miljoen ton laat – wat minder is as die huidige seisoen, maar steeds 'n groot uitvoerbare surplus is en wat sal beteken dat die pryse weer vir 'n geruime tyd teen uitvoerpariteit sal verhandel.

As scenario 3 sou plaasvind, kan die land in die volgende seisoen maandelik weer 'n produksie van oor die 15 miljoen ton hê, wat sal beteken dat Suid-Afrika, saam met die huidige seisoen se oordragvoorraad, 'n uitvoerbare surplus van amper 8 miljoen ton sal hê.

Grafiek 1 toon dat die uitvoerbare surplus as 'n persentasie van die plaaslike verbruik ongeveer 14% kan wees indien 'n lae opbrengssituasie sou voorkom en dat dit kan toeneem tot en met 77% indien rekordopbrengste weer sou realiseer. Teen gemiddelde opbrengste kan die uitvoerbare surplus ongeveer 37% van die plaaslike verbruik vir mielies in totaal beloop.

Tabel 2 toon die maandelik vraag-en-aanbodscenario's van sojabone vir die 2018/2019-seisoen. Dit is duidelik dat die oordragvoorraad van sojabone vir die huidige seisoen effens hoër behoort te wees as wat aanvanklik verwag is.

Verwerking van sojabone vir olie- en oliekoekproduksie vir die 2017/2018-seisoen het teen 'n stadiger tempo plaasgevind as wat verwag is. Dit kan aan verskeie faktore toegeskryf word, waaronder die feit dat van die aanlegte gedurende die seisoen tegniese uitdagings ervaar het.



**Grafiek 1: Produksie, uitvoerbare surplus en uitvoerbare surplus as persentasie van plaaslike verbruik van mielies gegewe verskillende maandelik scenario's vir die 2018/2019-bemarkingseisoen.**  
Bron: NOK, eie berekening

**TABEL 1: VRAAG-EN-AANBODSCENARIO'S VAN MIELIES VIR DIE 2018/2019-SEISOEN, GEGEWEN DIE HUIDIGE VOORNEME OM TE PLANT.**

	2018/2019	2018/2019	2018/2019
	SCENARIO 1	SCENARIO 2	SCENARIO 3
*Oppervlakte (x 1 000 ha)	2 470	2 470	2 470
**Opbrengs (t/ha)	3,73	4,72	6,42
***Produksie (x 1 000 ton)	9 208	11 655	15 863
	('000 ton)	('000 ton)	('000 ton)
Beginvoorraad	4 350	4 350	4 350
Totale aanbod	13 031	15 435	19 542
Totale vraag	10 293	10 293	10 293
Eindvoorraad	2 738	5 142	9 249
Pylybenodighede (1,5 maande)	1 287	1 287	1 287
Uitvoerbare surplus	1 451	3 855	7 962

\*Oppervlakte is die huidige voorneme om te plant

\*\*Opbrengste is aannames

\*\*\*Produksie is moontlikhede, gegewe die oppervlakte aangeplant maal met die opbrengs

**TABEL 2: VRAAG-EN-AANBODSCENARIO'S VAN SOJABONE VIR DIE 2018/2019-SEISOEN, GEGEWEN DIE HUIDIGE VOORNEME OM TE PLANT.**

	2018/2019	2018/2019	2018/2019
	SCENARIO 1	SCENARIO 2	SCENARIO 3
*Oppervlakte (x 1 000 ha)	720	720	720
**Opbrengs (t/ha)	1,48	1,75	2,3
***Produksie (x 1 000 ton)	1 066	1 260	1 649
	('000 ton)	('000 ton)	('000 ton)
Beginvoorraad	324	324	324
Totale aanbod	1 360	1 550	1 950
Totale vraag	1 158	1 308	1 654
Gepers (olie en oliekoek)	950	1 150	1 500
Eindvoorraad	202	242	296
Pylybenodighede (1,5 maande)	145	164	207
Surplus bo pylylyn	57	79	89

\*Oppervlakte is die huidige voorneme om te plant

\*\*Opbrengste is aannames

\*\*\*Produksie is moontlikhede, gegewe die oppervlakte aangeplant maal met die opbrengs

**TABEL 3: VRAAG-EN-AANBODSCENARIO'S VAN SONNEBLOMSAAD VIR DIE 2018/2019-SEISOEN, GEGEWEN DIE HUIDIGE VOORNEME OM TE PLANT.**

	2018/2019	2018/2019	2018/2019
	SCENARIO 1	SCENARIO 2	SCENARIO 3
*Oppervlakte (x 1 000 ha)	665,5	665,5	665,5
**Opbrengs (t/ha)	1,10	1,20	1,4
***Produksie (x 1 000 ton)	732	799	932
	('000 ton)	('000 ton)	('000 ton)
Beginvoorraad	221	221	221
Totale aanbod	923	990	1 116
Totale vraag	776	816	866
Gepers (olie en oliekoek)	760	800	850
Eindvoorraad	147	174	250
Pylybenodighede (1,5 maande)	97	102	108
Surplus bo pylylyn	50	72	142

\*Oppervlakte is die huidige voorneme om te plant

\*\*Opbrengste is aannames

\*\*\*Produksie is moontlikhede, gegewe die oppervlakte aangeplant maal met die opbrengs

In die sojaboonscenario's is die perssifer as die balanserende syfer vir die seisoen gebruik om aan te dui hoeveel sojabone gepers sal moet word indien die onderskeie produksieskatting vir die seisoen sou realiseer. Dit is duidelik dat indien die

sojaboonopbrengs vir die seisoen aan die ondergemiddelde tot gemiddelde kant is, die jaarlikse verwerking gemiddeld tot net bogemiddeld moet wees om te verhoed dat daar groot oordragvoorraad aan die einde van die 2018/2019-bemarkingseisoen is.

Indien daar weer vanjaar, soos verlede jaar, rekordopbrengste verkry word, is dit duidelik dat die hoeveelheid sojabone wat vir olie en oliekoek gepers word, kan toeneem tot en met 1,5 miljoen ton vir die seisoen – wat haalbaar is met die huidige beskikbare perskapasiteit.

Tabel 3 toon die moontlike vraag-en-aanbodscenario's van sonneblomsaad vir die 2018/2019-seisoen. Uit Tabel 3 is dit duidelik dat indien die sonneblomopbrengs in die 2018/2019-seisoen ondergemiddeld tot gemiddeld sal wees, die voorrade tot 'n groot mate teen gemiddelde (760 000 ton) tot effens bogemiddelde verwerkingsvlakke weggewerk sal kan word.

Indien die opbrengs rekordvlakke bereik (scenario 3), sal die hoeveelheid sonneblom wat in die 2018/2019-seisoen gepers moet word, moet toeneem tot 850 000 ton – wat min of meer die boonste vlak van hoeveelheid verwerk in die land verteenwoordig.

Die verbruik van sonneblomoliekoek in die land is aansienlik meer beperk as dié van sojabone en daarom is die hoeveelheid sonneblomsaad wat gepers word vir olie en oliekoek redelik beperk tot 'n maksimum van 850 000 ton. Dit is egter nie te sê daar kan nie meer as dit gepers word nie, maar dit verteenwoordig die vlak waar die mark min of meer versadig met sonneblomoliekoek behoort te wees.

## Ten slotte

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die berekeninge wat gedoen is, gegewe die huidige voorneme om te plant vir die 2018/2019-seisoen en dat die werklike syfers steeds kan verander met die vordering van die seisoen en veranderinge in die werklike aanplantings.

Die scenario's is wel 'n goeie aanduiding van wat moontlik in die mark vir die komende seisoen verwag kan word en daarom moet produsente gebruik maak van die inligting om hul te ondersteun in hul besluitnemingprosesse vir die komende seisoen.

In kort toon die syfers dat indien die opbrengste gemiddeld tot bogemiddeld vir die seisoen sal wees daar steeds groot uitvoerbare surplusse van mielies sal wees in die 2018/2019-seisoen terwyl onder gemiddelde opbrengste die mark nader aan 'n balans kan bring, met 'n kleiner uitvoerbare surplus.

Vir die oliesade sal gemiddeld tot bogemiddelde opbrengste tot groter voorraadvlakke lei en sal die verwerkings veral in die sojaboonmark teen 'n vinniger tempo moet plaasvind as die huidige seisoen, terwyl die gemiddelde verwerkingstempo voldoende sal wees om die plaaslike voorrade te verwerk indien onder gemiddelde opbrengste realiseer. ■

## Vrywaring

Sover moontlik is alles gedoen om die akkuraatheid van hierdie inligting te verseker. Graan SA aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir enige skade of verliese wat gely word as gevolg van die gebruik van hierdie inligting nie.

# INSET

*-oorsig*



CORNÉ LOUW, senior ekonoom, Graan SA

## Belangrike ekonomiese aanwysers en insetprystendense van 2017

In 2017 het die wisselkoers weer eens wipplank gery en omdat dit plaaslike pryse op 'n daaglikse basis beïnvloed, het dit besluitneming ten opsigte van insetaankope asook graanbemarking, 'n groot uitdaging gemaak.

Die wisselkoers het sedert Oktober verlede jaar tot Oktober vanjaar tussen 'n sterkste vlak van R12,40 en 'n swakste vlak van R14,47, gewissel. Die ruolieprys het ook in September en Oktober vanjaar begin kop optel – wat plaaslike brandstofpryse laat klim het. **Tabel 1** illustreer die prysbewegings van die belangrikste ekonomiese- en insetprysaanwysers in 2017.

### Produksieprysindeks

Die produksieprysindeks (PPI) toon die prysstygings van goedere en dienste op die groothandel- of vervaardigingsvlak in die ekonomie. Op 'n jaargrondslag het die PPI tot September vanjaar met 5,2% gestyg. Die PPI vir landbou het jaar-op-jaar met 2% toegeneem, terwyl die PPI vir graanprodukte met 13,7% gedaal het.

### Verbruikersprysindeks

Die amptelike inflasiekoers word op die basis van veranderinge in die verbruikersprysindeks (VPI) bereken en dui kosteveranderinge op die kleinhandels- of verbruikersvlak aan. Die inflasiekoers het in September vanjaar op 'n jaargrondslag met 5,1% gestyg. Voedselinflasie het oor dieselfde periode met 5,4% gestyg. In hierdie mandjie van voedsel het brood en grane met 2,8% gedaal, terwyl vleis met 15,6% gestyg het. Olies en vette het met 3,3% gedaal, terwyl groente en vrugte oor dieselfde tydperk met 4,4% en 0,5% onderskeidelik afgeneem het.

### Wisselkoerse

In Tabel 1 word 'n verstewiging in die waarde van die rand teenoor ander gelde-

hede as 'n positiewe verandering aangedui, terwyl 'n verswakking as 'n negatiewe persentasieverandering aangetoon word. Die rand het op 'n jaargrondslag tot Oktober vanjaar met 1,7% teenoor die dollar versterk, terwyl die rand met 5,4% en 5% teenoor die pond en die euro onderskeidelik, verswak het.

### Rentekoerse

Op 'n jaargrondslag tot Oktober vanjaar het die Reserwebank die bankkoers met 25 basispunte of 0,25 persentasiepunte na 6,75% verlaag. Handelsbanke het die prima uitleenkoers ook met 0,25 basispunte na 10,25% verlaag.

### Internasionale ruoliepryse

Die gemiddelde Brent-ruolieprys het vanaf Oktober verlede jaar tot Oktober vanjaar met 12,2% – vanaf \$51,40 per vat na \$57,68 per vat – toegeneem.

In randterme het die ruolieprys op 'n jaargrondslag tot en met Oktober vanjaar met 10,4% tot R790 per vat gestyg.

### Brandstofpryse

Die plaaslike groothandelprys van diesel in Gauteng het met 13,1% vanaf R10,72/liter in Oktober verlede jaar tot R12,13/liter in Oktober vanjaar gestyg. Die werklike brandstofkoste het in Oktober slegs 49,5% van die finale groothandelprys van diesel uitgemaak. Dit wil sê 50,5% is opgemaak deur heffings en belasting.

Oor 'n jaartydperk het die gelande koste van diesel met 18,8% gestyg, terwyl belasting met 11,1% toegeneem het en die groot-handelsmarge met 4,6% gestyg het.

Die dieselmikorting is tans 283 c/liter, terwyl dit 262 c/liter verlede jaar was. Die dieselmikorting bestaan uit die 163 c/liter van die Padongeluksfondsheffing en 120 c/liter van die belastingskomponent.

### Internasionale kunsmispryse

Alle internasionale pryse van kunsmisgrondstowwe het vanaf Oktober verlede jaar tot Oktober vanjaar toegeneem. Dit is veral die pryse van stikstof wat skerp gestyg het. Die pryse van DAP, ureum, ammoniak en kaliumchloried het met 4,5%, 30,2%, 63% en 8,3% onderskeidelik gestyg.

### Plaaslike kunsmispryse

Omdat Suid-Afrika meer as 80% van sy behoefte aan kunsmis moet invoer, is plaaslike kunsmispryse blootgestel aan dieselfde faktore as in die internasionale mark.

Die gemiddelde pryse van ureum, KAN en kaliumchloried het oor 'n periode van 'n jaar tot en met Oktober vanjaar met 8,9%, 3,5%, 0,1% onderskeidelik gestyg. Die prys van MAP het oor dieselfde tydperk met 6,7% gedaal.

### Saadpryse

Saad maak ongeveer 12% van 'n graan- en oliesadeproducent se lopende produksiekosterekening uit. Vir die 2017/2018-produksieseisoen het mieliesaad met gemiddeld 9,1%, graansorghumsaad met 7,8%, sonneblomsaad met 4% en sojaboonsaad met 4,5% gestyg.

### Trekkerpryse

In Oktober vanjaar was die pryse van trekkers 3,6% laer as die oorstemmende tydperk twaalf maande gelede.

### Trekkerverkope

Vir 2017 het trekkerverkope tot en met Oktober met 6,5% in vergelyking met dieselfde periode in 2016, gestyg. Verlede jaar is 5 053 eenhede in hierdie tien maande-tydperk verkoop, terwyl trekkerverkope vir 2017 op 5 379 eenhede staan.

**TABEL 1: BELANGRIKE EKONOMIESE AANWYSERS VIR INSETPRYSE.**

AANWYSERS		OKT 2014	%	OKT 2015	%	OKT 2016	%	OKT 2017	%
<b>Produksieprysindeks (PPI)*</b>	Indeks	115,30	6,70	119,10	3,60	127,00	6,60	103,40	5,20
<b>Amptelike inflasiekoers (VPI)</b>	Indeks	111,20	5,90	116,10*	4,60	123,20	6,10	103,80	5,10
<b>Wisselkoerse**</b>									
Rand/dollar	R/\$	11,07	-10,16	13,51	-22,07	13,93	-3,11	13,70	1,65
Rand/pond	R/£	17,66	-10,70	20,73	-17,40	17,16	17,22	18,09	-5,42
Rand/euro	R/E	14,03	-3,85	15,15	-7,98	15,35	-1,32	16,11	-4,95
<b>Rentekoerse***</b>									
Bankkoers/terugkoopkoers	%	5,75	0,75	6,00	0,25	7,00	1,00	6,75	-0,25
Primakoers	%	9,25	0,75	9,50	0,25	10,50	1,00	10,25	-0,25
<b>Ruolieprys</b>	\$/vat	87,89	-19,59	49,50	-43,68	51,40	3,84	57,68	12,22
	R/vat	972,69	-11,42	668,75	-31,25	716,00	7,07	790,22	10,37
<b>Brandstofpryse</b>									
Dieselprys (Groothandel)	c/liter	1 246,39	-1,08	1 093,97	-12,23	1 071,87	-2,02	1 212,33	13,10
Gelande koste	c/liter	805,63	-3,13	565,63	-29,79	505,63	-10,61	600,63	18,79
Belasting	c/liter	209,50	6,08	240,00	14,56	270,00	12,50	300,00	11,11
Groothandelsmarge	c/liter	61,20	5,52	64,70	5,72	64,70	0,00	67,66	4,57
Dieselkorting	c/liter	187,80	7,31	250,00	33,12	262,00	4,80	283,00	8,02
Petrolprys	c/liter	1 361,00	2,33	1 261,00	-7,35	1 260,00	-0,08	1 401,00	11,19
Paraffienprys	c/liter	957,23	-1,34	711,83	-25,64	669,63	-5,93	771,10	15,15
<b>Internasionale kunsmispryse</b>									
DAP (v.a.b. VSA-golf)	\$/ton	412,00	12,62	440,00	6,80	330,00	-25,00	345,00	4,55
Ureum (v.a.b. Oos-Europa)	\$/ton	335,00	7,72	253,00	-24,48	202,00	-20,16	263,00	30,20
Ammoniak (v.a.b. Midde-Ooste)	\$/ton	591,00	34,98	447,00	-24,37	162,00	-63,76	264,00	62,96
Kaliumchloried (v.a.b. Oos-Europa)	\$/ton	301,00	-12,33	285,00	-5,32	218,00	-23,51	236,00	8,26
<b>Plaaslike kunsmispryse</b>									
MAP	R/ton	8 365,33	9,19	9 857,00	17,83	8 908,00	-9,63	8 315,00	-6,7
Ureum (korrel)	R/ton	6 311,67	6,04	6 382,00	1,11	5 329,00	-16,50	5 804,00	8,9
KAN	R/ton	5 377,00	10,60	5 688,00	5,78	4 968,00	-12,66	5 143,00	3,5
Kaliumchloried	R/ton	6 972,00	1,61	7 341,00	5,29	6 391,00	-12,94	6 399,00	0,1
<b>Saadpryse</b>									
Mielies	Indeks	371,29	5,50	392,08	5,60	419,13	6,90	457,27	9,10
Graansorghum	Indeks	585,76	18,00	645,51	10,20	699,09	8,30	753,62	7,80
Sonneblomsaad	Indeks	366,67	5,60	390,87	6,60	419,79	7,40	436,59	4,00
Sojabone	Indeks	435,00	5,50	459,36	5,60	491,52	7,00	513,63	4,50
<b>Trekkerpryse</b>									
Trekkerverkope: Jaar tot Oktober	Eenhede	5 634,00	-3,11	5 877,00	4,31	5 053,00	-14,02	5 379,00	6,45

\* September 2017 gebruik

\*\* 'n Negatiewe persentasie dui 'n verswakking aan, terwyl 'n positiewe persentasie 'n versterking aandui

\*\*\* Persentasieverskil tussen koerse (persentasiepunte) en nie persentasieverandering nie

v.a.b. = vry aan boord



# PRYSRISIKOBESTUUR

*in 'n nuwe toedop*

– Deel 6

LUAN VAN DER WALT, landbou-ekonomiese, Graan SA



## Bestuur risiko deur diversifikasie

**d**eel 6 van die reeks rakende die voorseisoenbemarking en verskansing handel oor diversifikasie vir risikobestuursdoeleindes. Die voorafgaande gedeeltes van die reeks het die verskeie aspekte wat in gedagte gehou moet word wanneer verskansing en bemarking oorweeg word, aangespreek.

Dit sluit aspekte soos die werking van die markstrukture, risiko's om te oorweeg, alternatiewe wat oorweeg kan word, asook die gebruik van Safex-termyn en -opsiekontrakte in. Die gebruik van Safex-instrumente vir prysrisikobestuursdoeleindes is een aspek wat met groot sukses vir verskansingsdoeleindes aangewend kan word, maar produsente moet ook die waarde van diversifikasie in gedagte hou – om sodoende risiko te bestuur en beter winsgewendheid te verseker.

### Wat is diversifikasie?

In die finansiële omgewing word diversifikasie as 'n risikobestuurstrategie beskou wat gebruik maak van 'n verskeidenheid finansiële instrumente, industrieë of kategorieë ten einde die risiko van die belegging sover moontlik te beperk.

Die doel daarvan is om die opbrengs van die belegging te maksimaliseer terwyl die risiko van die belegging geminimaliseer word.

Alhoewel dit duidelik is dat diversifikasie nie as 'n waarborg teen verliese of risiko kan dien nie, is dit steeds noodsaaklik om sover moontlik te diversifiseer en die risiko oor 'n wyer reeks aspekte te versprei, eerder as om al die risiko in een bedryfstak te dra.

In die landboubedryf sal die diversifikasie verwys na produksie van verskillende gewasse soos byvoorbeeld mielies, sojabone en sonneblomsaad, asook die gebruik van verskillende bedryfstakke wat in meeste gevalle graanproduksie en/of 'n veevertakking insluit.

Aspekte soos vertikale integrasie kan ook as 'n vorm van diversifikasie dien, omdat die risiko van die besigheid oor 'n wyer reeks van faktore versprei word.

### Diversifikasie as risikoverspreidingsmeganisme in gewasproduksie

Diversifikasie in die gewasproduksiestelsels sal hoofsaaklik die produksie van verskillende gewasse insluit. In die somergraanproduserende gebiede is die hoofkontantgewasse wat verbou word mielies, sojabone en sonneblomsaad. Daar is ook minder prominente gewasse soos sorghum en grondbone wat met groot sukses verbou word.

In die wintergraanstreke is die hoofkontantgewasse wat verbou word koring, gars en kanola. Hierdie gewasse ding in meeste gevalle met mekaar mee in terme van die oppervlakte wat aangeplant moet word, maar vul mekaar ook uitstekend aan in terme van wisselboustelsels.

Die prysstrukture van hierdie gewasse kan ook interafhanklik wees en mekaar van tyd tot tyd beïnvloed, maar die meeste van die tyd het hierdie gewasse elk sy eie stel onafhanklike fundamentele faktore wat die prysbewegings beïnvloed.

Dit maak dit gunstig in die oorwegings wat verband hou met diversifisering of risikobestuur. Die produksie van die verskillende gewasse sal die risiko vir die produsent oor 'n wyer reeks faktore versprei en kan derhalwe ook as 'n verskansingstrategie beskou word.

Soos reeds genoem verseker diversifikasie egter nie die beperking van risiko's nie en is daar steeds faktore waarop die produsente moet let wanneer hulle hierdie besluite neem.

### Aspekte om te oorweeg wanneer diversifikasiebesluite geneem word

Die verskillende tipes risiko's wat produsente moet oorweeg wanneer hulle verskansingsbesluite neem, is in Deel 2 van hierdie reeks in meer diepte bespreek. Dit is egter ook van kardinale belang dat produsente die verskillende aspekte waarop hulle moet let in gedagte hou wanneer hulle diversifikasiebesluite neem.

### Produksierisiko

Produksierisiko verwys na die risiko verbonde aan die fisiese produksie van die gewas – wat hoofsaaklik na die opbrengs wat verkry word, verwys. Wanneer produsente besluit om alternatiewe gewasse vir diversifikasiedoeleindes te plant, is dit noodsaaklik dat hulle ook die produksie-aspekte van die gewas in gedagte moet hou.

Verskillende gewasse vereis verskillende bestuursprogramme en produsente moet hulself eers vereenselwig met die tegniese aspekte van die gewas se produksie voor dit op groot skaal geproduseer word. Die hoofdoel van die diversifikasie is om die produsent se risiko te minimaliseer en dit moet in hierdie lig benader word.

### Prysrisiko

Prysrisiko verwys na die mate waartoe die prys van die onderliggende kommoditeit oor tyd verander. Die prysrisiko is een groot faktor wat die winsgewendheid van die produsent onder druk kan plaas.



Prysriskobestuur is daarom essensieel en wanneer diversifikasie oorweeg word, moet die produsent ook die moontlike prysrisiko van die gewas wat oorweeg word, in gedagte hou. Die fundamentele faktore wat die prysstrukture van die spesifieke gewas beïnvloed, moet heel eerste oorweeg word – voordat die produsent 'n besluit neem oor die gewas wat hy wil aanplant met die oog op die diversifikasie van sy boerdery.

Die markstrukture en inligtingsbronne is in Deel 1 van die reeks bespreek.

### Kontantvloerisiko

Kontantvloerisiko vorm deel van finansiële risiko. Wanneer kontantvloerisiko in terme van diversifikasie oorweeg word, verwys dit hoofsaaklik na die waarskynlikheid dat hierdie spesifieke bedryfstak die koste daaraan verbonde sal kan dek of nie.

Produsente moet ook die koste verbonde aan die produksie van die verskillende gewasse oorweeg voor dit aangeplant word. Sommige gewasse het gespesialiseerde toerusting nodig vir die verbouing daarvan, of dit is geweldig arbeidsintensief en kan tot groot kapitale uitgawes lei – wat die oorhoofse koste aansienlik kan laat toeneem en druk op die produsent se kontantvloei sal plaas.

### Wingsgewendheid

Wingsgewendheid is in die meeste gevalle een van die hoofdryvere waarom produsente diversifikasie van verskillende gewasse vir 'n spesifieke seisoen se aanplantings oorweeg. Indien die wingsgewendheid van 'n gewas onder druk is, wat meestal gepaard gaan met pryse van die kommoditeit wat onder druk is, neig produsente om makliker oor te beweeg na ander gewasse – veral indien die wingsgewendheid van hierdie gewasse beter is teen die heersende markprys van die gewas.

Produsente moet egter steeds die alternatiewe gewasse wat oorweeg word, se fundamentele faktore in ag neem om sodoende vas te stel wat die moontlike prystendens in die mark is en hoe die verwagte prystendens die wingsgewendheid van die gewas kan beïnvloed.

### Maak die nodige berekeninge

Indien produsente die risiko's verbonde aan die verskillende gewasse oorweeg het en gemaklik is dat die verskillende gewasse wat oorweeg word sal inpas by die huidige strukture van die plaas, moet die produsent verskeie berekeninge, wat noodsaaklik is vir effektiewe besluitneming, gaan maak.

**TABEL 1: SENSITIWITEITSANALISE VIR 'N MIELIEBEDRYFSTAK.**

TOTALE KOSTE (DIREKTE KOSTE + VASTE KOSTE)										
					TANS					
Safex-prys (R/ton)	1 616	1 866	2 116	2 366	2 616	2 866	3 116	3 366	3 616	
Produsenteprys	1 400	1 650	1 900	2 150	2 400	2 650	2 900	3 150	3 400	
Opbrengs (t/ha)	3,0	-1 799	-1 549	-1 299	-1 049	-799	-549	-299	-49	201
	3,5	-1 342	-1 092	-842	-592	-342	-92	158	408	658
	4,0	-1 000	-750	-500	-250	0	250	500	750	1 000
	4,5	-733	-483	-233	17	267	517	767	1 017	1 267
	5,0	-520	-270	-20	230	480	730	980	1 230	1 480

Bron: Graan SA

**TABEL 2: SENSITIWITEITSANALISE VIR 'N SOJABOONBEDRYFSTAK.**

TOTALE KOSTE (DIREKTE KOSTE + VASTE KOSTE)										
					TANS					
Safex-prys (R/ton)	4 067	4 267	4 467	4 667	4 867	5 067	5 267	5 467	5 667	
Produsenteprys	4 004	4 204	4 404	4 604	4 804	5 004	5 204	5 404	5 604	
Opbrengs (t/ha)	1,3	-2 722	-2 522	-2 322	-2 122	-1 922	-1 722	-1 522	-1 322	-1 122
	1,5	-1 601	-1 401	-1 201	-1 001	-801	-601	-401	-201	-1
	1,75	-800	-600	-400	-200	0	200	400	600	800
	2,0	-200	0	200	400	600	800	1 000	1 200	1 400
	2,3	267	467	667	867	1 067	1 267	1 467	1 667	1 867

Bron: Graan SA

**TABEL 3: SENSITIWITEITSANALISE VIR 'N SONNEBLOMSAADBEDRYFSTAK.**

TOTALE KOSTE (DIREKTE KOSTE + VASTE KOSTE)										
					TANS					
Safex-prys (R/ton)	3 669	3 869	4 069	4 269	4 469	4 669	4 869	5 069	5 269	
Produsenteprys	3 451	3 651	3 851	4 051	4 251	4 451	4 651	4 851	5 051	
Opbrengs (t/ha)	1,0	-2 925	-2 725	-2 525	-2 325	-2 125	-1 925	-1 725	-1 525	-1 325
	1,3	-1 650	-1 450	-1 250	-1 050	-850	-650	-450	-250	-50
	1,5	-800	-600	-400	-200	0	200	400	600	800
	1,8	-193	7	207	407	607	807	1 007	1 207	1 407
	2,0	263	463	663	863	1 063	1 263	1 463	1 663	1 863

Bron: Graan SA

# Bestuur risiko deur diversifikasie

**TABEL 4: PRYSVERWANTSKAPPE TUSSEN DIE VERSKILLENDE GEWASSE.**

GEWAS	GEMIDDELDE GELYKBREEK SAFEX-PRYS	SOJABOON/MIELIE-VERWANTSKAP	SONNEBLOMSAAD/MIELIE-VERWANTSKAP
Mielies	R2 616	1,86	1,71
Sojabone	R4 867		
Sonneblomsaad	R4 469		

Daar is verskeie alternatiewe wat produsente kan oorweeg, wat redelik-akkurate aanduidings gee van hoe die gewasse met mekaar kan vergelyk. 'n Praktiese voorbeeld van maatstawwe wat produsente kan toepas om hul in die berekeninge en besluitneming te ondersteun, word vervolgens bespreek.

### 'n Praktiese voorbeeld

Gestel die produsent boer in 'n omgewing waar hy hoofsaaklik mielies verbou en dat dit sy hoofgewas is, maar die produksie van sonneblomsaad en sojabone pas ook gemaklik by sy plaas se strukture in – en hy kan dit gemaklik aanplant sonder om groot aanpassings aan sy boerderystrukture te maak.

Die produsent moet dan verskeie besluite neem om vas te stel teen watter vlakke dit die moeite werd sal wees om sy risiko tussen die verskillende gewasse en deur middel van diversifikasie van die drie alternatiewe, te versprei.

**Tabel 1 tot Tabel 3** (op bladsy 23) toon die sensitiviteitsanalise van mielies, sojabone en sonneblomsaad onderskeidelik, wat aandui waar die gelykbreekprysvlakke vir die produksie van die verskillende gewasse teen die gemiddelde opbrengs van die gewas is.

Uit die tabelle is dit duidelik dat die gelykbreek Safex-prys van mielies, sojabone en sonneblomsaad R2 616/ton, R4 867/ton en R4 469/ton onderskeidelik is.

**Tabel 4** illustreer die prysverwantskappe tussen hierdie drie gewasse en dit is duidelik uit Tabel 4 dat, gegewe die boonste inligting, die prysverhouding tussen sojabone en mielies ongeveer 1,86 is en die prysverhouding tussen sonneblomsaad en mielies 1,71 is.

Dit beteken dat die pryse van sojabone en sonneblomme onderskeidelik 1,86 en 1,71 keer hoër as die mielieprys moet wees om dit vir die produsent te regverdig om eerder meer van hierdie gewasse as mielies teen gemiddelde opbrengste aan te plant.

Die produsent moet dan gaan vasstel wat die huidige prysverwantskap tussen die verskillende gewasse wat hy wil produseer, is en wat is die verwagtinge vir die prysbewegings – wat 'n impak op die prysverhoudings en dus die winsgewendheid van die verskillende gewasse sal hê.

Deur hierdie faktore in perspektief te plaas, kan die produsent vasstel wat sy moontlike prysrisiko is en wat die impak op die winsgewendheid kan wees sou hy die alternatiewe gewasse oorweeg.

### Ten slotte

Diversifikasie strek aansienlik verder as slegs die aanplant van verskillende gewasse. Aspekte soos lewendehawevertakkings komplimenteer gewasproduksie ook in die meeste gevalle betreklik goed, aangesien die lewendehawe- en die mielieprys in die meeste gevalle onder normale omstandighede redelik negatief met mekaar gekorreleer is.

Produsente kan ook ander tipe beleggings vir diversifikasiedoeleindes oorweeg. Dit is egter belangrik om te onthou dat risikobeperking die grootste rede vir diversifikasie is en produsente moet besluite daarvolgens neem.

Diversifikasie moet egter nie van so 'n aard wees dat dit juis dié faktor is wat die risiko in die boerdery laat toeneem nie. ■

Graan SA/Sasol fotokompetisie



**SILOWAREHOUSE**  
(PTY) LTD.

**Silos, grain bunkers, bucket elevators, augers, grain cleaners, chain-, pipe-, belt conveyors and grain dryers**

**Feed bins and hopper bottom silos, capacities 5 mt - 1,500 mt**

**www.silowarehouse.co.za**

**E-mail: info@silowarehouse.co.za**

**Tel: 012 332 1469 / 082 492 7496**



# Agamax bewys weer sy potensiaal in moeilike klimaatstoestande

**JAN BOTES**, verkopebestuurder: Swellendam, Agricol

**A**gricol, 'n toonaangewende saadmaatskappy, beskik oor 'n uitstekende kanolapakket wat konvensionele en triasienkultivars bevat. Die pakket bestaan uit die volgende konvensionele kultivars: Agamax, Diamond, Garnet en Tango, asook die TT-kultivar Atomic.

Die konvensionele kultivar, Agamax, het homself weer eens bewys as een van die mees bestendige kultivars wat droogteverdraagsaamheid betref. Volgens navorsing deur die Departement Biotegnologie van die Universiteit Wes-Kaap, is bevind dat Agamax verhoogde vlakke van die ensiem Superoksied-dismutase vergelyk met ander kultivars bevat. Dit verklaar waarom Agamax – veral in moeilike produksietoestande – uitstaan en waarom dit die voorkeur kultivar moet wees om risiko's te bekamp.

## Terugvoer vanaf verskeie Suid-Kaapprodusente

### GVA Boerdery op Enon

Mnr Abri de Wet van GVA Boerdery op Enon (Greyton) is die derde generasie produsent op ongeveer 3 500 ha, waarvan twee derdes vir saai en 'n derde vir weiding aangewend word.

Vanjaar is ongeveer 480 ha kanola gevestig en die balans was koring, gars, hawer en lupiene. Wisselbou is toegepas deur koring en gars te plant met opvolgopsies soos kanola, soetlupiene (Mandelup en Lila B) of hawer (Dunnart).

Die lusern/hawer-weiding en medic-mengsels vorm deel van die weidingskomponent. 480 ha kanola is geplant, wat uit 120 ha elk Agamax en Atomic TT onderskeidelik, bestaan het. Agamax word sedert 2013 gevestig en is op 18 April vanjaar geplant teen 3,5 kg/ha. As gevolg van beskikbare reënval was die opkomsdatum eers begin Junie.

Grondvoorbereiding, spuit van vooropkomsonkruiddoder, beheer van grondinsekte en opvolg daarvan is van kardinale belang.

Toediening van spoorelemente, asook voorkomende beheer van Sclerotinia, asook

ruitrugmot en bolwurm het bygedra tot die suksesverhaal.

### Algemene waarnemings

- Agamax en Atomic TT het ongeveer 25% beter presteer gemeet teen enige van die ander kultivars. Agamax se opbrengs, met 172 mm reënval gedurende die groeiseisoen, was 2,1 t/ha en Atomic TT 1,8 t/ha.
- Agamax en Atomic TT het die droogte-toestande beter deurstaan.
- Agricol kultivars se peule het aansienlik dikker vertoon. Dié twee kultivars kan definitief aanbeveel word en sal weer deel vorm van De Wet se pakket.

### Agridwala naby Napier

Agridwala, 'n 100% bemagtigingsmaatskappy naby Napier, het ook uitstekende resultate met Agamax behaal, met 'n opbrengs van 2,1 t/ha. Die Agamax is op 17 April teen 3,7 kg/ha geplant. Die normale gras- en swamdoders is toegedien en bolwurm/ruitrugmot is beheer.

### Algemene waarnemings

Alhoewel die aanplanting in droë grond gedoen is, het Agamax steeds vinnige groeikragtigheid getoon. 188 mm reënval in totaal is aangeteken. Agridwala sal Agamax definitief vir medeprodusente aanbeveel.

### Willie Bester van Tweedam op Klipdale

Die Besters het 'n opbrengs van 1,9 t/ha met Agamax behaal, met 193 mm reën. In dieselfde area het 'n medeprodusent 2,67 t/ha met Agamax gemiddeld gestroop.

### Terugvoer vanaf 'n Wes-Kaapse produsent

#### Nicolaas de Villiers van Porterville

Mnr Nicolaas de Villiers (Koringkraal) van die Porterville-distrik het 100 ha elk Agamax en Tango gevestig. Die afgelope seisoen is gekenmerk deur 'n knellende droogte. De Villiers noem dat die bestendigheid van Agamax hom in die afgelope jare telkemale beïndruk het.



- ▲ 1: Agamax en Atomic TT het ongeveer 25% beter presteer gemeet teen enige van die ander kultivars wat Abri de Wet (links) geplant het. By hom is Jan Botes van Agricol.
- ▲ 2: 'n Agamax aanplanting in die Wes-Kaap. Die foto is op 18 Augustus vanjaar geneem.

Planttyd is jaarliks vanaf 15 April teen 2 kg/ha. Die normale gras- en swamdoders is toegedien en bolwurm is beheer.

### Algemene waarnemings

- 160 mm reën is aangeteken.
- De Villiers is baie tevrede met Agamax se opbrengs die afgelope paar seisoene.
- Hy beveel die aanplant van Agamax in 'n kanolapakket sterk aan en het reeds sy Agamax-bestelling vir die komende jaar bevestig. ■

# Presisie-beginsels én presiese produsente verhoog winste

PIETMAN BOTHA, SA Graan/Grain medewerker

**G**rondsorte en grondieptes in lande en oor plase kan uitermate verskil. Die gevolg van verskille soos hierdie in die hulpbronne is dat die opbrengsmikpunte ook dramaties kan varieer.

Die verskillende opbrengspotensiale behoort die basis van presisieboerdery te wees en die norm waarteen die opbrengste gemeet moet word. Die voordele van presisieboerdery word by herhaling aan produsente oorgedra, maar om hierdie voordele te meet, is nie so maklik nie omdat die belangrikste element van presisieboerdery steeds nie in aanmerking geneem word nie.

Met presisieboerdery kom die toediening van kalk of kunsmis volgens 'n grondkaart of verwagte opbrengskaart eerste by 'n mens op, maar in praktyk is daar heelwat ander vlakke waar presisieboerdery 'n groot bydrae kan maak en daarom in plek moet wees. Soms is dit die klein dingetjies wat 'n groot verskil in die opbrengste kan maak.

'n Groot aantal produsente gebruik nie teenstaande dié feit en tegnologie nog steeds gemiddelde plaas- of landopbrengste vir die bepaling van bemestingtoedieningspeile. Slegs een toedieningspeil wat algeheel gebruik word, kan tot oor- of onderbemesting lei.

## Bemesting en bekalking

Presisieboerderypraktyke maak dit moontlik om bemesting volgens die grond se potensiaal toe te dien en sodoende word elke gedeelte vir optimale produksie bestuur. In praktyk sal dieselfde hoeveelheid bemesting – of dalk 'n bietjie meer – op 'n land toegedien word, maar die verspreiding daarvan sal dramaties verskil en die produksie van die land sal geoptimaliseer word.

Met bekalking kan 'n presisie-ontleding dalk die soort en hoeveelheid kalk benodig, dramaties laat verskil van die gemiddelde hoeveelheid benodig. Ten opsigte van presisieboerdery sal die totale hoeveelheid geld wat aan bemesting gespandeer word nie

dramaties verskil nie, maar die opbrengste van die gewasse behoort dramaties te styg – met die gevolg dat die winsgewendheid van die land dramaties sal verhoog.

Uit berekeninge wat gedoen is deur 'n 100 ha-plaas volgens die gemiddelde opbrengste te bestuur en die resultate met dieselfde plaas waar presisieboerdery toegepas is te vergelyk, het die inkomste met 8% verhoog en die koste met 4% gestyg, maar die wins het met amper 14% toegeneem. Hierdie verhoging is sekerlik genoeg om die meeste van die nuwe tegnologie benodig, te finansier?

Bemesting is een van die aspekte van presisieboerdery, maar die plasing van die pitte deur die planter speel net so 'n groot rol om die opbrengste te maksimaliseer. Konstante interplantspasiëring is 'n aspek wat té maklik oor die hoof gesien word en is 'n stille winsdief.

## Planter

Vir 'n mielie om optimaal te produseer, moet die plante presies ewe ver uit mekaar geplant word. Waar die plantestand in die ry hoog begin raak, is hierdie aspek des te meer krities. Na aanleiding van 'n statistiese proef op Bothaville in die 2016/2017-produksiejaar, waar die konstante en korrekte plantestand (30 000 plante per hektaar of 25 cm in die ry) met 'n variasie in die plantestand (30 000 plante per hektaar met nie-konstante spasiëring) en 'n laer plantestand (25 000 of 30 cm in die ry) vergelyk is, is die volgende opbrengsverskille verkry.

In **Foto 1** word die koppe wat in die presies-geplante gedeelte (30 000 met 25 cm-interplantspasiëring) oor 'n 2 m-strook geoes is, getoon. Let op hoe eenvormig die koppe is – en die gemiddelde gewig is 218 g per kop!

In **Foto 2** word dieselfde plantestand (30 000) met 'n interplantspasiëring wat wissel, getoon. Let op hoeveel die koppe van mekaar verskil. Die gemiddelde gewig is 197 g per kop.



- ▲ 1: Koppe van die 30 000 korrek-gespasieerde behandeling wat oor 2 m geoes is. Die gemiddelde gewig van die koppe was 218,05 g en die opbrengs was 7,58 t/ha.
- ▲ 2: Koppe van die 30 000 swak-gespasieerde behandeling wat oor 2 m geoes is. Die gemiddelde gewig van die koppe was 197,54 g en die opbrengs was 6,89 t/ha.



◀ 3: Koppe van die 25 000 korrek-gespasieerde behandeling wat oor 2 m geoes is. Die gemiddelde gewig van die koppe was 219,07 g en die opbrengs was 6,72 t/ha.

**Foto 3** toon die koppe wat oor 'n 2 m-afstand geoes is. Hier is die plantestand 25 000 en die interplantspasiëring is 30 cm. Die gemiddelde gewig was in hierdie geval 219 g per kop.

Die gevolg van hierdie kopgewigte en plantestand is dat die opbrengste tussen die behandelings dramaties verskil het. Waar die stand korrek geplant en 30 000 plante per hektaar was, is die marge bo saadkoste op R13 961,82/ha bereken. Dit is R1 380,55 (10,02%) meer as waar die spasiëring nie reg was nie en R1 518,05 (11,29%) meer as waar die stand per hektaar laer was.

Hierdie proef toon net weer eens dat die plasing van pitte krities is. Maak seker dat die planter se saaduitmeetsmeganismes korrek is en dat die saad reg geplaas is. Indien moontlik, maak ook seker dat die toetrapwiele reggestel is om te verseker dat die saad gelyktydig opkom om sodoende die opbrengste des te beter te maak.

Presisieboerdery sluit ook die regte gebruik van saad in. Nie alle kultivars sal ewe goed op alle grondpotensiale presteer nie. Sommige kultivars sal beter op die hoëpotensiaalgronde presteer, terwyl ander weer beter op die laerpotensiaalgronde sal vaar.

Dit is belangrik dat produsente die kultivars volgens hul potensiaalwaardes soos in die *Mielie Inligtingsgids* van die LNR-Graangewasse gepubliseer, sal beoordeel. Hier is die opbrengs- waarskynlikheidswaardes uiters belangrik om produsente in hul besluit te ondersteun.

Daar is reeds planters wat toegerus is om hierdie variasie in kultivars te kan hanteer. Uit navorsing wat in Amerika gedoen is, wil dit voorkom of daar tog iets in hierdie praktyk steek. Volgens onafhanklike proewe wat deur die navorsingsmaatskappy Beck's gedoen is, is daar verseker 'n opbrengsverhoging as meer as een kultivar op 'n land geplant word. Daar behoort nog heelwat navorsing gedoen te word om die kultivars beter te kan kies en die aanwending van die kultivars beter te beskryf.

### Onkruidbeheer

Deur te spaar op onkruidoder kan die winsgewendheid van enige stelsel verhoog word – mits die effektiwiteit van die middel nie in gedrang gebring word en dit onkruidoderweerstandigheid aanhelp nie.

Presisietoerusting wat die spuit aktiveer om net groen plante te spuit, is al 'n geruime tyd beskikbaar. Daar is verskeie instansies wat toerusting bemark wat net groen onkruid met die regte dosis kan bespuit en nie spuit as daar nie groen plante is nie.

Dit is 'n groot uitdaging om die koste-effektiwiteit van hierdie toerusting te bepaal. Die hoeveelheid onkruid wat gespuit moet word, sal die koste bepaal, maar as die saak logies beredeneer word, moet daar oor tyd 'n groot besparing realiseer.

# Tomorrow's Planter, Today

vDrive® + DeltaForce®

Down force is a serious issue that too often goes ignored and can make a huge impact on yield. Get your population right with vDrive, control down force row by row with DeltaForce, and you've got a planter of the future worth writing home about.



## vDrive®

- Independent Row Control with Turn Compensation
- No Chain & Cable Maintenance
- Combines Planter Drive & Swath Control



## DeltaForce®

- Independent Row Response
- Hydraulic Controlled Down and Lift
- Sub-Second Response to Changing Conditions

## AVAILABLE FOR THESE PLANTERS

John Deere | Massey Ferguson | Apache | Equalizer | DB Xtreme | Case IH | Tatu | Jumill | Monosem

Cerealis Precision  
(018) 632 0362

Precision Planting®

# Delayed planting impacts sunflower yield

DR SAFIAH MA'ALI, ARC-Grain Crops, Potchefstroom

**S**unflower is classified as the third largest grain crop produced in South Africa after maize and wheat. According to the Crop Estimates Committee 2016/2017, the production forecast for sunflower is 821 970 tons. Sunflower is primarily used for the manufacturing of sunflower oil for human consumption and oil cake for animal feed.

Over the years, sunflowers have received the status of an ideal crop to grow in South Africa under conditions of low-input farming and marginal cropping conditions. It produces relatively consistent yields under adverse weather conditions and their overall characteristic of drought-tolerance makes it an attractive crop for producers in dryland production regions.

Sunflower is particularly efficient in extracting water from the soil profile, especially in sandy loam soils. Accordingly, it tolerates drier conditions better than other crops and explains the surprising yields achieved by producers in the drought stricken regions during the 2014/2015 growing season.

Unlike other grain crop alternatives, sunflower has a relatively long period, or 'window,' of possible planting dates, extending from the first of November to late January. The yield components of sunflower, heads per hectare, seeds per head, and weight per seed, are determined during different periods of growth.

The prevailing environmental conditions during these growth stages thus ultimately determine yield. To better understand the effect of planting date on yield, however, sunflower development can be simplified into three growth stages:

- Planting to floral initiation (GS1)
- Floral initiation to bloom (GS2)
- Bloom to physiological maturity (GS3)

## Growth stage 1 (GS1)

This growth stage begins when the seed is planted and ends when floral parts of the sunflower are initiated. Floral initiation cannot be directly observed, but occurs between the ten to 14 leaf stage or approximately two-thirds of the way through the period from planting to bloom.

Comparing the three growth stages, sunflower in GS1 is the most delicate and sensitive to stress, yet if stress occurs it has


the least effect upon yield. The plant must only remain alive to maintain the yield component of heads per hectare.

## Growth stage 2 (GS2)


Although the beginning of this growth stage is not readily recognisable, it represents an important event determining the final yield. The floral parts, which later become the harvested seeds, are formed during this stage.

After the seeds are initiated, they expand to form the visible bud and eventually the sunflower head, which blooms and completes GS2. The head size, or the number of seeds per head is established during this stage.


Any stress that limits the growth rate during GS2 will be reflected in a reduced number of seeds per head. Drought stress during this stage reduces yield more than any other phase of sunflower development.



Graph 1: Rainfall (mm) and sunflower seed yield (t/ha) data from 2007/2008 till 2015/2016 growing season at Potchefstroom.



Graph 2: Sunflower seed yield (t/ha) at different planting dates over 38 trials planted at Potchefstroom during 2007 to 2016 growing seasons.



Graph 3: Probability (%) exceeding different yield potentials for three planting dates over 38 sunflower trials planted at Potchefstroom from 2007 to 2016 growing seasons.

### Growth stage 3 (GS3)

The final stage of development begins when flowering is completed and ends at physiological maturity. During GS3, seed size or weight per seed is determined. As physiological maturity approaches, sunflower is able to utilise progressively lower temperatures for seed growth, while also becoming increasingly tolerant for drought.

Stress during GS3 can reduce yield, but usually not to the extent of the reduction during GS2, since seed weight is relatively a smaller contributor to yield than seed number under most conditions.

Unfortunately, moisture is usually the most yield limiting factor. It is also difficult to predict when and how much precipitation will be received. **Graph 1** illustrates long term seasonal averages. It should, however, be stated that such data and yield are most of ten unrelated.

Even moderate amounts of rainfall received at critical stages of growth, such as the first phase of GS2, can stimulate yield potential far beyond what a monthly total will induce. The trend evident in the precipitation averages, however, would suggest that delayed planting further removes crop development from the months when rainfall is most expected.

Another factor, which affects sunflower stand, is poor germination due to excessive

heat at the time of planting. Because sunflowers sometimes have to be planted in January, or even into early February, temperatures during this period often reach up to 32°C to 35°C. Temperatures in this range are not ideal for sunflower seed germination.

Even when seeds germinate, high temperatures may cause them to wither and die. Another risk factor is that top soil tends to dry out fast in the heat and therefore a producer is forced to plant the seeds a bit deeper where the soil moisture content is higher. Although this can be a solution, it is, unfortunately, a risky practise as one hard shower of rain after planting will cause a thick crust to form and the seedlings will be unlikely to emerge. Sunflowers can be a most rewarding crop and the market is reliable, but it is important to choose the planting time carefully and ensure a good plant population.

### Planting dates

ARC-Grain Crops in Potchefstroom has been conducting research on planting dates since 2007 and have demonstrated profound effects upon sunflower growth and development. This summary of findings at ARC-Grain Crops illustrates the importance of planting date in producing maximum yields of sunflower.

For the past ten cropping seasons, seed yield from 38 national sunflower cultivar

trials planted at Potchefstroom were evaluated under three different planting dates (1 to 30 November, 1 to 30 December and 1 to 30 January).

The results indicated that sunflower seed yield declined as planting dates were delayed (**Graph 2**). Seed yield was reduced by approximately 0,21 t/ha for each 30 days delay in planting date after November.

The yield probability percentages for different planting dates were subsequently calculated at different yield threshold ranges (0,5 t/ha to 3 t/ha). Results showed that the probability of getting higher yield under a specific yield threshold (>1,2 t/ha) was lower at late planting dates in comparison with November and December planting dates (**Graph 3**).

It means that sunflower planted later in the season will have a lower yield potential. It can be concluded that a higher yield might be achieved by planting during November and December rather than with a late planting, especially during January.

Producers who are looking to planting sunflower as a main and not as catch crop, should consider planting the crop during November and no later than end of December in order to reach the target yield of more than 2 t/ha. ■



## Presisie-beginsels én presiese produsente

Rygerigte bespuiting is nog 'n manier om die koste te beheer. Indien die spuit met twee rye spuitpunte, wat afsonderlik deur twee tenks voorsien word, toegegerus is, kan sekere onkruidodders net op bepaalde plekke toegedien word.

Hierdie stap kan die hoeveelheid onkruid of plaagdoder gebruik, beduidend verminder en kan tot voordeel van die gewas wees daar waar die opbrengste verhoog sou kon word. Dink net aan die effek as Roundup nie binne die plante se blaredak gespuit word nie, maar wel in die bane waar dit die onkruid behoorlik kan dood. Meer aandag kan aan die spesifieke gebruike van spuitpunte gegee word. Deesdae is daar 'n groot aantal spuitpunte beskikbaar. Maak daarom seker dat die regte punt vir die regte taak aangewend word. Die nuwe spuitpunte wat binne en onder die gewasse se blaredak, 360° kan spuit, is iets wat na my mening 'n besliste tree in die regte rigting is.

### Werktuie

Trekkers is 'n geweldige kapitale uitgawe vir enige boerdery. Deur die effektiwiteit van hierdie belegging te verhoog, sal die koste per eenheid verseker verlaag word. In dié geval is die toerusting op die trekker wat die bestuurder se effektiwiteit, doeltreffendheid en presiesheid kan verhoog, van kardinale belang.

Auto Steer is 'n manier om die trekker se effektiwiteit en doeltreffendheid te verhoog. Die trekker sal altyd op die regte plek ry om dubbele werk of banke te voorkom – wat 'n wesentliche besparing meebring.

As aanvaar word dat 'n trekker 'n 6 m-implement kan trek en dat hy effektief net 5,5 m wyd werk, gebruik so 'n trekker 40 liter

diesel meer om 100 ha te bewerk. Die koste behoort ongeveer R12/ha hoër te wees. Dit klink seker nie beduidend nie, maar dit is die klein jakkalsies wat die wingerd verniel.

Presisieboerdery speel ook 'n belangrike rol in die stroper se werking. Die stropertafel verdien besondere aandag. Dit help nie jy produseer die meeste mielies per hektaar, maar dit land nie in die wa nie.

Maak seker dat die stroper die koppe inkry en die pitte in die tenk kry sonder om te mors. Een kop op die grond is geld uit jou sak en net jy sal daarvoor betaal. Die stroper moet ook oor die vermoë beskik om die nodige opbrengsdata akkuraat te versamel en vir verdere verwerking beskikbaar te stel.

### Arbeiders

Ten einde presisieboerdery te laat werk, moet jy as produsent dit ook aanvaar. Jy moet jou personeel ook hierby laat inkoop en seker maak hulle bring hul kant. Dit beteken dat jy en hulle meer aandag aan groot en klein dingetjies moet gee.

Dit help nie jy het al hierdie tegnologie op die werktuie en toerusting, gewassatellietmonitorkaarte, stroperkaarte en wie weet wat nog alles en jy doen niks met die data nie. Jy moet hierdie inligting in jou beplanning inspan, jouself teen die kaarte meet, foute soek en aktief oplossings vir die uitdagings identifiseer. Hierdie inligting sal 'n bydrae lewer dat daar meer sente in jou sak klingel.

Vir meer inligting, kontak Pietman Botha by 082 759 2991. ■

# Making and shooting Christmas memories

SA GRAAN/GRAIN EDITORIAL STAFF

The festive season is a wonderful time to take family photographs. Photographer Kristen Duke shares the following ideas on how to shoot special family memories:

- Explain to the family what you are planning and how long it will take. Take water and snacks along if you are going to a different location.
- Dress up. Put on Christmas hats or choose a colour theme.
- Make a list of poses to bring variety to your photographs and to keep young children from becoming bored – walk, jump, crouch, kneel.
- Don't expect everyone to look at the camera, so choose a pose where they

hold hands and look at each other, hug or tickle one another.

## New theme for 2018

We would like to thank all photographers who entered their amazing photographs into this year's competition. A new year means a new theme and for 2018 our theme will be symbiosis.

The Greek translation is *cohabitation + bios* = life, which literally means 'living together' and refers to any direct and intimate relationship between two organisms of different species. So, get your camera ready and start snapping! ■




▲ The previous winner, Piet Lombard from Elsenburg, was the winner of the November competition. He received R1 500 for his photograph of the patterns caused by contour banks in the Swartland.

### WINNING PHOTO FOR NOVEMBER



▲ Winner: Chrismari van der Westhuizen from Loeriesfontein captured a tender moment between a farmer in the making and some lambs. The photograph entitled, 'Plaas-hanslammers met Mischa Batt' won her the first prize of R1 500.



2<sup>nd</sup>

▲ This photograph proves that beauty is in the eye of the beholder. Celesti-Mari Wasserman from Dorandia in Pretoria sent in 'Rustic and beautiful' and was awarded the second place.



3<sup>rd</sup>

▲ The third place also goes to this month's winner, Chrismari, who captured driller, Andries Volgraaff, at work.





# Simbiose

– in die natuur, tussen mens en dier  
of mense onderling

Vanjaar se Graan SA/Sasol-fotokompetisietema “Simbiose” (Grieks: *Syn* = saamwees + *bios* = lewe) beteken letterlik “saamlewe” en verwys na enige direkte en intieme saamleefverhouding tussen twee organismes van verskillende spesies.

Kyk rondom jou met ‘n kreatiewe oog en stuur vir ons jou interpretasie van die unieke tema. Is dit dalk ‘n by op ‘n sonneblom of ‘n heuningbekkie wat aan die aalwyn se nektar smul? Die plaaswerker wat ‘n bees melk? Of ‘n produsent wat na die pas-ontkiemde mielies kyk? Verras ons met jou foto’s van die tema.

## R48 000 te wen!

Vanaf Januarie 2018 word daar elke maand, vir twaalf uitgawes aaneen, ‘n wenner deur ‘n paneel beoordelaars aangewys – met ‘n kontantprys van R1 500 elk. Die twaalf finaliste kom aan die einde van 2018 in aanmerking om die wenner van die jaarlikse kompetisie (en dus die tema “simbiose”) te wees. Die prysgeld vir daardie kompetisie lyk soos volg: **R15 000** (wenner), **R10 000** (naaswenner) en ‘n derde prys van **R5 000**.

Baie dankie aan Sasol wat weer hierdie jaar die prysgeld borg.

## SLUITINGSDATUM:

Januarie 2018: 4 Januarie

Februarie 2018: 31 Januarie



## KOMPETISIEREËLS

- Inskrywings moet die tema, “Simbiose”, uitbeeld.
- Slegs amateurfotograwe (dit wil sê persone wat nie ‘n bestaan maak uit die neem van foto’s nie) mag vir die kompetisie inskryf.
- Onaanvaarbare gemanipuleerde foto’s sal nie aanvaar word nie. Onaanvaarbare manipulasie van foto’s behels in wese die byvoeging van visuele elemente wat aanvanklik nie in die foto was nie (byvoorbeeld wolke of plantegroei), asook die uithaal van beeld-elemente wat die konteks of tema van die foto verander (byvoorbeeld ‘n onooglike en substantiewe beeld-element iewers in die foto). Aanvaarbare manipulasie behels die volgende: Die verandering van die foto se oorspronklike dimensies (*cropping* – gegewe dat dit nie die konteks of onderwerp verander nie), verstellings aan onderbeligte of oorbeligte dele (*exposure adjustments*) en verstellings aan die kleurtemperatuur (die algemene kleurtint van die foto – *colour temperature correction*). Indien twyfel ontstaan oor die mate van manipulasie, mag die beoordelaars versoek dat die oorspronklike ongemanipuleerde foto beskikbaar gestel word.
- Slegs e-posinskrifings sal aanvaar word. Die foto’s mag nie kleiner as 1 MB of groter as 10 MB elk wees nie – in JPG-formaat.
- Foto’s wat ingeskryf word, moet uniek wees en nie oor dieselfde onderwerp handel as foto’s wat vir ‘n ander fotokompetisie ingeskryf is nie. Foto’s wat ingeskryf word, mag ook nie voorheen gepubliseer wees nie.
- Die fotograaf moet ‘n fotobyskrif, asook sy posadres en telefoonnummer/s, saam met die foto verskaf.
- Deelnemers kan ‘n maksimum van drie foto’s (waarvan die onderwerpe verskil) per uitgawe inskryf. Indien meer as drie foto’s ingestuur word, sal die eerste drie foto’s wat ontvang word, vir die kompetisie in aanmerking geneem word.
- ‘n Deelnemer wat ‘n maandwenner is, kan vir die daaropvolgende drie uitgawes nie inskryf nie.
- Persone op die foto moet geïdentifiseer word (verskaf noemnaam en van).
- Fotograwe kan elke maand tot en met die afsnytyd hul foto’s instuur. Inskrywings wat ná die afsnytyd ontvang word, sal vir die volgende maand se kompetisie ingeskryf word.
- ‘n Paneel, wat bestaan uit twee professionele fotograwe asook verteenwoordigers van SA Graan/Grain en Sasol, sal die foto’s maandeliks beoordeel.
- Alle inskrywings word die eiendom van Graan SA. Die foto’s sal in ‘n databank gebêre word en Graan SA en Sasol mag dit vir toekomstige promosie-, bemarkings- en publikasiedoeleindes gebruik. Deur in te skryf, stem die deelnemer in daartoe en geen eise van derde partye vir skending van kopiereg kan ingedien word nie.
- Werknemers van Sasol, Graan SA of Infoworks mag nie vir die kompetisie inskryf nie.
- Graan SA behou die reg voor om foto’s wat onduidelik is of nie aan die kompetisiereëls voldoen nie, af te keur.

Stuur foto’s na [elmien@infoworks.biz](mailto:elmien@infoworks.biz). Onthou om jou naam, posadres, telefoonnummer en ‘n byskrif vir die foto saam te stuur.

Groot stamme, groter wortels, grootste blare.  
**Groter opbrengs met Bellis<sup>®</sup>**



**Bellis<sup>®</sup>** - Die nuutste toevoeging tot die **BASF AgCelence<sup>®</sup>**-portefeulje verseker nie net effektiewe siektebeheer op sonneblomme nie, maar verskaf ook addisionele fisiologiese voordele vir optimale opbrengs. Ons noem dit die **AgCelence<sup>®</sup>**-effek:

- Verhoogde plantgroeidoeltreffendheid met beter fotosintese doeltreffendheid, stikstofverbruik asook verhoogde biomassa-ontwikkeling
- Verhoogde toleransie teen stremming in situasies soos droogte deur etileenproduksie te inhibeer

**Kry die **AgCelence<sup>®</sup>**-voordeel met **Bellis<sup>®</sup>****

 **BASF**  
We create chemistry



# Progress being made in control of Sclerotinia

LOUISE KUNZ, SA Graan/Grain contributor

In response to producers' rising concern about the impact of Sclerotinia diseases in grain fields, Grain SA and Bayer Crop-Science joined hands to host three information days in different production areas of the country to share more information about this devastating pathogen.

## An American view on Sclerotinia

At each of the events a keynote address was given by Dr Bill Underwood, a plant pathologist from the Agricultural Research Service of the United States Department of Agriculture (USDA-ARS) who has been focussing on Sclerotinia and its effects on sunflower in his research.

According to Underwood environmental conditions strongly influence disease development with little or no disease being observed in some years. Disease inoculum can survive in the soil for more than seven years and is difficult to eradicate once it has established.

Fungicide applications are not very effective in controlling the disease and are affected by time of application as well as coverage. Field trials done in the USA indicate that for most fungicide chemistries that exhibit efficacy against Sclerotinia, application at R1 (initiation of flowering) is optimal. For most fungicides, adequate coverage seems to be critical and it is important that the fungicide must penetrate the canopy to cover the flowers. Reduced ground speed, increased spray volume and pressure, and the use of nozzles that produce fine to medium droplets can improve coverage and efficacy.

The core focus of the programme to which Underwood contributes is to improve genetic resistance. 'Be patient, we are working on it,'

Underwood encouraged producers. He mentioned that variation for resistance exists within cultivated germplasm resources and in crop wild relatives. 'Resistance is however highly polygenic, hindering breeding efforts to incorporate resistance into agronomically favourable varieties.'

## A possible solution

No major resistance genes against the disease have been found in hosts, only minor genes with quantitative resistance which only provide varying degrees of tolerance in hosts. This is according to Ms Nelia Rousseau (grower and channel marketing manager: Bayer) who conveyed the news to attendees that a biological agent Contans, which can be applied against the disease, has been developed at Bayer. Contans (*Coniothyrium Minitans*) is a water dispersible granule biological fungicide designed to control Sclerotinia sclerotiorum and Sclerotinia minor. Rousseau discussed the efficacy and value proposition of the product amongst others.

Dr Chrisna Steyn (Department: Plant Sciences, University of the Free State), a member of the newly established South African Sclerotinia Research Network (SASRN), confirmed that the university is conducting cultivar evaluation to develop a model that will determine the risk percentage of Sclerotinia development on crops. However, with greenhouse and field trials not collaborating, the process remains a challenge.

SASRN is a collective of local researchers working on Sclerotinia and has been formed to prioritise production research, improve collaboration amongst researchers and facilitate collaborative efforts with international researchers. The network will be approaching funding bodies and other stakeholders in an effort to increase research outputs that will ultimately aid producers. ■



- ▲ 1: The Sclerotinia Information Day for the North West Province and Free State was held at NAMPO Park near Bothaville on 22 September. Cobus van Coller (Grain SA Executive member, on the far right) with the speakers: Dr Chrisna Steyn, Nelia Rousseau and keynote speaker Dr Bill Underwood.
- ▲ 2: After the session, producers were given the opportunity to raise their concerns regarding the disease to a panel of expertise, which included the three speakers and Dr Bradley Flett (right) from the ARC-Grain Crops.

# Sunflower crop quality overview of the 2015/2016 production season

JOLANDA NORTJÉ, manager laboratory, The Southern African Grain Laboratory NPC

The deep root system of a sunflower enables the plant to perform better than other crops during dry seasons, making sunflower seed production very suitable for South African climatic conditions. As a result, sunflower seed production for the 2015/2016 production season exceeded soybean production for the first time since the 2010/2011 season.

2015/2016 season's final commercial sunflower crop figure is 755 000 tons. This figure represents an increase of almost 14% (92 000 tons) compared to the 2014/2015 season. The major sunflower-producing provinces, namely the Free State and North West Province, contributed 92% of the total crop (Graph 1).

The area utilised for sunflower production increased by almost 25%, from 576 000 ha in the previous season, to 718 500 ha this season. Due to the drought conditions, production only increased by 14% as the yield decreased from 1,15 t/ha to 1,05 t/ha.

World sunflower seed production for the 2015/2016 season stands at 42 465 million tons with the Ukraine and Russia contributing 51% to this total. The forecast for the 2016/2017 season was 47 397 million tons, according to figures published in the 2016 US Sunflower Crop Quality Report, compiled by the National Sunflower Association.

According to The Bureau for Food and Agricultural Policy (BFAP) Baseline, Agricultural Outlook 2016 to 2025, sunflower area is expected to decline in 2017 to around 2015 levels, assuming normal rainfall patterns, before stabilising at around 560 000 ha by 2025. An average production increase of 1,4% per year is expected to result in a production of 820 000 tons by 2025, driven by average annual improvements in yield of close to 3% also by 2025.

During the 2016 harvesting season, a representative sample of each delivery of sunflower at the various silos was taken according to the prescribed grading regulations. 176 composite sunflower samples, representing the different production regions, were analysed for quality and the results published in the fourth annual sunflower crop quality survey report.


## Summary of the quality results

78% (138) of the 176 samples analysed for the purpose of this survey was graded as Grade FH1 and 38 of the samples were downgraded to class other sunflower seed (COSF). The percentage of FH1 samples showed a decrease compared to the 86% and 82% of the 2014/2015 and 2013/2014 seasons respectively. This decreasing trend could not be attributed to any single grading deviation.


The majority of samples was downgraded as a result of the percentage of either the

screenings or foreign matter or the collective deviations or a combination of these exceeding the maximum permissible deviations of 4%, 4% and 6% respectively. The presence of poisonous seeds (*Datura* sp.) exceeding the maximum permissible number, namely 1 per 1 000 g, was also a contributing factor.

Gauteng, represented by two samples, reported the highest weighted average percentage screenings namely 3,6%, followed by North West Province (N = 80) and the Free State (N = 80) with 2,8% and 2,01% respectively.



Graph 1: Provincial contribution to the production of the 2015/2016 sunflower crop.



Graph 2: Comparison of the test weight per province over four seasons.

Limpopo (seven samples) reported the lowest average percentage screenings of 1,09%. The weighted national average was 2,34% compared to the 2,05% of the previous season. The maximum permissible deviation according to the grading regulations is 4%.

Sclerotia of *Sclerotinia sclerotiorum* were observed on 18 of the samples (10%), compared to the nine and eleven of the previous two seasons respectively. 14 of these samples originated in the North West Province and three in the Free State.


The highest percentage (1,8%) was present on a sample from Mpumalanga. This is, however, still well below the maximum allowable level of 4%. Weighted average levels ranged from 0% for the Gauteng and Limpopo provinces, 0,03% in the Free State, 0,04% in the North West Province to 0,26% in Mpumalanga. The national average of 0,04% was equal to the previous season.

The highest weighted percentage foreign matter (1,77%) was reported for the seven samples from Mpumalanga. The Free State and North West Province averaged 1,61% and 1,23% respectively. The lowest average percentage was found in Limpopo, namely 1,01%. The South African average of 1,41% was the highest of the last three seasons.


Test weight, providing a measure of the bulk density of grain and oilseeds, does not form part of the grading regulations for sunflower seeds in South Africa. An approximation of the test weight of these crop samples was done by determining the g/1 litre filling weight of each sample using the Kern 222 apparatus.

The test weight was then extrapolated by means of formulas obtained from the Test Weight Conversion Chart for Sunflower Seed, Oil of the Canadian Grain Commission. The weighted average this season was 42,5 kg/hl. Individual values ranged from 35 kg/hl to 48,1 kg/hl. Last seasons' values ranged from 34 kg/hl to 50,5 kg/hl and averaged 44,2 kg/hl. See **Graph 2**.

Nutritional component analyses, namely crude protein, -fat, -fibre and ash are reported as percentage (g/100 g) on an 'as



Graph 3: Average crude protein content per season.



Graph 4: Average crude fat content per season.

received' or 'as is' basis. The weighted average crude protein content this season was 17,93%, almost 1% higher than the previous season and the highest average value since the start of this survey in 2012/2013. North West Province had the highest weighted average crude protein content of 18,24% and Mpumalanga the lowest with 17,14%. The Free State's crude protein content averaged 17,77%. Refer to **Graph 3**.

The weighted average crude fat percentage of 38,2% was the lowest of the last four seasons and 1,5% lower than the previous season. Gauteng had the highest weighted average crude fat content of 40,3%. The lowest average fat content was observed in the Free State (38%). North West Prov-

ince and Mpumalanga averaged 38,2% and 38,8% respectively. See **Graph 4**.

Weighted average percentage crude fibre increased slightly from 20% in the previous season to 20,3% this season. Average values varied between 19,2% in Gauteng to 20,9% in Mpumalanga. The weighted average ash content is slightly higher (2,59%) than last season (2,55%). The provincial averages ranged from 2,49% in Mpumalanga to 2,69% in Limpopo.

The results of this survey are available on the SAGL website ([www.sagl.co.za](http://www.sagl.co.za)). The hard copy reports are distributed to all the directly affected groups and interested parties. The report is also available for download in a PDF format from the website. ■

## Gratitude

Thank you to the Oil and Protein Seed Development Trust who provided financial support for these annual surveys and to the members of Agbiz Grain for supplying the crop samples.

# Samewerking verseker 'n beter toekoms

LOUISE KUNZ, SA Graan/Grain medewerker

**S**owat 350 produsente uit sentraal Suid-Afrika het die 14de Senwes Toekomsfokusdag op 27 September op NAMPO Park buite Bothaville bygewoon. Dié geleentheid, wat in die *Nasie in Gesprek*-formaat aangebied is, met die tema, Landelike gemeenskapsamewerking, het die kollig laat val op samewerking tussen plaaslike gemeenskappe, beshgede, munisipaliteite en produsente.

Die paneelbespreking is voorafgegaan deur kort boodskappe van die verteenwoordigers van Senwes, Graan SA en die Jongboer-komitees van Vrystaat Landbou en Agri Noordwes. Mnr Luan van der Walt (landbou-ekoonoom: Graan SA) het jongboere aangemoedig om by georganiseerde landbou betrokke te raak.

“'n Ware leier neem nie net verantwoordelikheid vir sy eie werk nie, maar ook vir dit wat sy toekoms beïnvloed. Neem eienaarskap deur betrokke te raak by georganiseerde strukture wat tyd en geld in die toekoms van die landboubedryf belê,” het hy gesê.

## Gemeenskapsamewerking vir beter dienslewering

Die hoofspreek, mnr Andries Nel, adjunkminister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, het produsente bedank vir hul bydrae tot die ekonomiese groei in Suid-Afrika en genoem dat die onlangse 2%-groei syfer grotendeels aan die landbousektor te danke is.

Hy het tong in die kies bygevoeg dat hy ook boer, omdat diegene wat in die politiek betrokke is volgens die Chinese met die tong boer.

In sy toespraak het hy die wanprestasie van munisipaliteite bespreek, wat volgens hom toegeskryf kan word aan swak leierskap, politieke onstabiliteit en kompetisie om beskikbare bronne. Nel het genoem dat navorsing toon dat 'n derde van Suid-Afrikaanse munisipaliteite na wense funksioneer met 'n derde wat disfunksioneel is.



- ▲ 1: Die paneel geniet 'n ligte oomblik tydens die *Nasie in Gesprek*-opname: Theo Vorster (fasiliteerder), Johan van Huyssteen, Nompumelelo Runji, Andries Nel, oudminister Roelf Meyer en Francois Strydom.
- ▲ 2: Senwes se Jongboer Toekomsfokusdag is in samewerking met Senwes, Graan SA en die Jongboerkomitees van Agri Noordwes en Vrystaat Landbou aangebied. Dié organisasies is verteenwoordig deur Boet Wilken (voorsitter: Vrystaat Landbou se Jongboerkomitee), Luan van der Walt, Danie Minnaar (voorsitter: Senwes) asook Agri NW Jongboerkomitee se visevoorsitter, Louis Wessels en voorsitter, Gideon van Zyl.
- ◀ 3: Dit was die eerste keer dat verteenwoordigers van die African Farmer's Association (AFASA) die Senwes Toekomsfokusdag bygewoon het. In die middel is voorsitter van AFASA in die Vrystaat, Esther Moloi, saam met twee ander vroulike produsente van Harrismith, Mavis Mtlokwa, links, en Joyce Maphisa.

Vir die afgelope drie jaar werk hy, in samewerking met plaaslike besighede en georganiseerde landbou, met hierdie disfunksionele munisipaliteite en tans word daar op die Vrystaat en Noordwes Provinsie gefokus. Hy het 'n beroep op georganiseerde landbou gedoen om die regering by te staan en met hul kundigheid en hulpbronne om dié probleem aan te spreek.

"Dit is belangrik om te kyk na langtermyn-gemeenskaplike belange en nie slegs eng korttermyn-doelwitte na te streef nie," het hy gesê en bygevoeg dat gemeenskaplike beswil die fokus in die platteland moet word.

Om herstel in die disfunksionele munisipaliteite te bewerkstellig, is die "Back to basics"-program bekendgestel. Hierdie program se doelwitte is:

- Mense moet die middelpunt van dienslewering vorm.
- Basiese dienste moet aan alle Suid-Afrikaners gelewer word.
- Substrukture moet in plek wees en goeie korporatiewe bestuur moet plaasvind.
- Gesonde finansiële bestuur is uiters belangrik.
- Vestig volhoubare bestuurstrukture met gekwalifiseerde mense in poste.

### Paneel sê hul sê

Mnr Francois Strydom, hoof uitvoerende beampte van Senwes, het genoem dat die disfunksionele plaaslike munisipaliteite 'n direkte invloed op die winsgewendheid van produsente het. Die spoorvervoernetwerk het tot niet gegaan en padvervoer is baie duurder as spoorvervoer. Hy het bygevoeg dat Suid-Afrikaners talle ander uitdagings in die gesig staar, maar steeds met Amerikaanse produsente, wat gesubsidieer word, moet meeding.

Oudminister Roelf Meyer, wat tans 'n direkteur van die organisasie, In Transformation Initiative, is, het by die geleentheid gesê dat

Suid-Afrikaanse produsente hul in 'n bloeitydperk bevind. Volgens hom rus voedselsekerheid op die skouers van jongboere. Met die berekening dat daar in 2050 twee en 'n half miljard mense in Afrika gaan wees, gaan dit die verantwoordelikheid van die jongboere wees om te verseker dat die kontinent nie honger ly nie.

Die politieke analis, me Nompumelelo Runji van die Frederich-Ebert-Stiftung SA, het beklemtoon dat die tyd vir Suid-Afrikaners aangebreek het om minder na politici en meer na mekaar te luister. Volgens haar veroorsaak politici dikwels skeiding in gemeenskappe. Sy het ook gedeel dat inwoners van nedersettings daaglik met dieselfde krisis, soos geweld en misdaad, gekonfronteer word. Sy glo dat samewerking hierdie probleme kan hokslaan. "Ten spyte van ons verskille moet ons ons menslikheid as gemeenskaplikheid aanvaar en saamwerk om struikelblokke te oorkom," aldus Runji.

Mnr Johan van Huyssteen, 2017 Vrystaat Jongboer van die Jaar, het sy standpunt uit die oog van 'n jongboer gedeel en genoem dat verskeie faktore jong produsente se geesdrif demp. Om die rol van die plaaslike munisipaliteit te moet vervul deur brande te blus, water te verskaf en die gemeenskap te beveilig, neem heelwat tyd in beslag en haatspraak en gerugte van onteining veroorsaak dat produsente in 'n oorlewingskrisis gedompel is. Hy het jongboere aangemoedig om deel van georganiseerde landbou te word omdat hierdie strukture binne die gemeenskappe 'n groot bydrae lewer.

Die paneel het saamgestem dat die toekoms van landbou grootliks daarvan afhang hoe landelike gemeenskappe saamstaan teen swak dienslewering, misdaad en korrupsie. In die woorde van die Amerikaanse outeur en aktivis, Helen Keller, wat doof en blind was: "Alone we can do so little, together we can do so much."

Die dag is afgesluit met praktiese demonstrasies van hommeltuig-tegnologie, Agri Drainage en presisieboerdery. ■

# Nuwe alternatiewe beurs nou oop vir verhandeling

RUTH SCHULTZ, SA Graan/Grain medewerker

Met NWK Beherend Beperk en NWK Beperk as die eerste twee noteerders op die 4 Africa Exchange ("4AX")-beurs, het dié beurs amptelik op 28 September vanjaar geopen vir verhandeling. 4AX is een van twee alternatiewe beurse in Suid-Afrika wat 'n volledige lisensie het om 'n verskeidenheid bateklasse te verhandel.

NWK het voorheen oor-die-toonbank (waarna tradisioneel verwys is as "OTC" [over the counter])-aandele verhandel onder die Sekuriteitwet, Wet 36 van 2004. Promulgering van die Wet op Finansiële Markte (FMA), Wet 19 van 2012, het egter daartoe gelei dat die NWK-maatskappye op die formele beursmark moes begin verhandel om sodoende aan die nodige regulatoriese raamwerk te voldoen.

"Die NWK-noterings op 4AX weerspieël die huidige nasionale tendens van diversifisering in die landbougemeenskap en bied blootstelling vir die NWK Groep aan nuwe markte. Dié beurs voorsien spesifiek aan die eiesoortige besigheidstruktuur van landbou in Suid-Afrika," het mnr Heinrich Krüger (voorsitter, NWK Beherend Beperk en NWK Beperk), tydens die amptelike noteringsfunksie in Johannesburg, gesê.

Me Fay Mukaddam (hoof uitvoerende beampte, 4AX) het tydens die geleentheid gesê: "Ons doel is om die finansiële markte meer

inklusief te maak deur 'n veilige en volwaardige, alternatiewe gelisensieerde platform te bied met makliker toegang vir die gewone man op straat, asook meer produkverskeidenheid. Sodoende sal ons 'n bydrae kan maak tot volhoubare ekonomiese groei in ons land." ■



▲ 1: Theo Rabe (hoof uitvoerende beampte, NWK), tweede van links, en Heinrich Krüger, regs, ontvang hul 4AX-ledesertifikate van Stephan van der Walt (nie-uitvoerende direkteur, 4AX) en Fay Mukaddam.

# Eenheid en groter deelname nodig vir 'n beter Suid-Afrika

LOUISE KUNZ, SA Graan/Grain medewerker

**D**ie tema van Agri NW se 2017-kongres, "Volhoubaarheid deur eiendomsregsekerheid en verhoogde produktiwiteit" het groot byval gevind by kongresgangers. Producente is opnuut toegerus met inligting wat hulle in staat stel om te midde van toenemende veranderde landbou- en politieke omstandighede meer volhoubaar te kan produseer.

## Sprekers sê hul sê

Verskeie sprekers het kongresgangers op 5 en 6 September by die NWK Opleidingsentrum op Lichtenburg toegesprek. Regter Antonie Gildenhuis, 'n kenner op die gebied van onteienings-, waardasie- en waterregte, het die invloed van grondhervorming op eiendomsregsekerheid onder die loep geneem. Hy het dit duidelik gemaak dat niemand van hul eiendom ontnem mag word nie, behalwe ingevolge 'n algemeen-geldende regsvoorskrif en genoem dat geen regsvoorskrif die arbitrêre ontneming van eiendom mag veroorloof nie.

Volgens Gildenhuis lê die uitdaging nie by volle vergoeding met onteiening nie, maar eerder waar die regering die geld gaan kry om al sy beloftes gestand te doen. Suid-Afrika kan grondhervorming nie bekostig nie – veral as gekyk word na die eise, soos gratis onderwys en nasionale gesondheidsversekering, wat reeds op die tafel geplaas is.

Agri SA se parlementêre skakelbeampte en regs- en grondbeleidsadviseur, me Annelize Crosby, het grondhervorming, politiek en die openbare mening in 2017 bespreek. Gedurende 2015 was Crosby deel van 'n groep met uiteenlopende perspektiewe oor grondhervorming, wat deelgeneem het aan die ontwikkeling van die Vumelana-grondhervormingsscenario's. Hierdie scenario's wys daarop dat grootskaalse grondbesetting, radikale wetgewing asook beleid- en voedselonsekerheid waarskynlik Suid-Afrika se voorland kan wees as die grondhervormingskwessie nie dringend angespreek word nie.

Dit is duidelik dat die frustrasievlakke van die mense aan wie beloftes gemaak is, besig is om die hoogte in te skiet met die

stadige vordering ten opsigte van grondhervorming. Crosby het ook gedeel dat haatspraak teen grondeienaars besig is om toe te neem en aangevuur word deur die onverantwoordelike uitlatings wat deur politici en opportuniste gemaak word. 'n Elite-groepering is besig om grondhervorming tot 'n mate te kaap. Dreigemente ten opsigte van die wysigings of skraping van Artikel 25 van die Grondwet moet volgens haar nie ligtelik opgeneem word nie.

Sy het Agri SA-lede aangemoedig om hulle volle ondersteuning aan hul organisasie te gee. "Moenie van stryk gebring word deur politiekery, bangmaakpraatjies en halwe waarhede nie," het sy gesê en bygevoeg, "Wees ingelig, wees pro-aktief en bou positiewe verhoudings op alle vlakke."

Dr Herman van Schalkwyk (groep hoof uitvoerende beampte: Suidwes Groep) se tema was "Mededingendheid, beleid en die volhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse landbou".

Hy het genoem dat ekonomiese groei Suid-Afrika steeds ontwyk en verduidelik dat Suid-Afrika meer as 'n 3%-groei in bruto binnelandse produk (BBP) nodig het om 'n verskil aan die ekonomie te kan maak. Volgens hom maak die agteruitgang in langtermyninfrastruktuur dit 'n al groter uitdaging vir die Suid-Afrikaanse ekonomie om te presteer. Suid-Afrika se fokus sal op verhoogde produktiwiteit moet wees om volhoubaar te kan wees. Een van die faktore wat produktiwiteit in die wiele ry, is die toenemende arbeidsonrus.

Mnr Johannes Möller (toe nog president: Agri SA) het die omskakeling van Agri SA na 'n maatskappy aan die kongres voorgehou. Daarna het mnr Omri van Zyl (uitvoerende direkteur: Agri SA) gepraat oor Agri SA as voorkeurbesigheidsvennoot vir die landbou en het ook genoem hoe Agri SA se struktuur die landbou in die toekoms gaan bedien.

## Algemeen

Mnr Pierre Vercueil is onbestrede as president van Agri NW herkies, met mnr Cobus van Zyl en Willem de Chavonnes Vrugt wat as vise-presidente aangewys is. ■



➤ 1: Van die hoofsprekers tydens Agri NW se kongres was Annelize Crosby, regter Antonie Gildenhuis en dr Herman van Schalkwyk.  
 ▲ 2: Obaro was die hoofborg van die kongres. Hier is Boeta du Toit (uitvoerende hoofbestuurder: Agri NW) en Pierre Vercueil saam met Eben Pienaar (voorsitter: Obaro) en Nic Bronkhorst (besturende direkteur: Obaro).



# WIELE

*vir die plaas*



**GERRIE SMIT**, lid van die SA Motorskrywersgilde

## GWM Steed 5 – goedkoopste turbodieselbakkie in die land

**m**et Great Wall Motors (GWM) se toetrede tot die Suid-Afrikaanse mark tien jaar gelede, was die publiek erg skepties oor die vermoë van Chinese voertuigvervaardigers om 'n kwaliteit betroubare voertuig te bou. Daar was te veel assosiasie met ander Chinese-vervaardigde goedere soos speelgoed en snuisterye, wat soos ons almal weet baie goedkoop is, maar waarvan die kwaliteit onder verdenking was.

Sedertdien het GWM-modelle soos die H5-sportnutsvoertuig en die Steed 5-, 5E- en 6-bakkies egter by Suid-Afrikaanse motoriste byval gevind en veral die bakkies het gewys dat hulle nie bang is vir harde werk nie.

Daar is tans vier Steed 5-enkelkajuitbakkies beskikbaar en veral die 2,0 VGT Workhorse, die goedkoopste turbodieselbakkie op die Suid-Afrikaanse mark, bied goeie waarde vir geld. Hierdie

bakkie se turbo-aangejaagde 2 liter-dieselenjin lewer 78 kW teen 4 000 omwentelinge en het 'n wringkrag van 225 Nm tussen 1 400 en 2 800 omwentelinge. Die gemiddelde brandstofverbruik is 8,1 liter per 100 km.

Die Steed 5 Workhorse kan 'n vrag van meer as 'n ton dra en die dubbel-geïsoleerde laaibak het verskeie hegpunte om 'n vrag vas te maak. Die laairuim is 2 280 mm lank, 1 520 mm breed en 460 mm diep. Onder die standaardkenmerke is lugversorging, kragstuur, 'n verstelbare stuurkolom, misligte voor en agter en 'n kleurgekodeerde voorste stamper, asook staalwiele van 16 duim.

Die 2,0 VGT Workhorse se prys is nou 'n verminderde R179 900. Dit is 'n besparing van R20 000 ter viering van GWM se tiende bestaansjaar in Suid-Afrika. Die prys van die petrolmodel, met 'n enjin van 2,4 liter, is R149 900. Die pryse sluit 'n waarborg van drie jaar of 100 000 km in en 'n diensplan is opsioneel. Dienstussenposes is 15 000 km. ■



▲ Die Steed 5-bakkies het byval by Suid-Afrikaanse motoriste gevind en gewys dat hulle nie bang is vir harde werk nie.

## Die padskraper

Beste Grootneef

In onse dorpie het mense baie keer kortpad met name gevat. Dikwels is 'n plaasnaam as deel van die stamboom ingegooi – veral as mense met dieselfde van naby aan mekaar gebly het. Daar was kolle vir die Van Niekerks, die Van den Bergs, die Van Aardes en so meer. En dan het jy maar 'n plaasnaam of nering bygevoeg om die spul uitmekaar te ken.

Soos Rudolf Paradys. Of Gerhard Rooipoort. Of oom At Kaalkop – vir duidelike redes. Sy vrou, tannie Bettie, het ewe gelate die naam Bettie-At aanvaar. Of tannie Florence Hare. Dié het eenmaal 'n man met 'n half-geskeerde haredos gelos toe hy aan haar boud gevat het.

So was daar ook tant Nakkie en tant Tassie. Niemand was seker oor die herkoms van hul name nie, want hul was maar altyd daar.

En dan was daar oom Armaans Grondpad. Dit was 'n maklike een, want oom Armaans het die padskraper gery. 'n Lang seningrige man in 'n blou oorpak in 'n geel masjien. Oom Armaans se vrou was effe geset – en toe word sy tannie Ompad. Sout van die aarde-mense.

Die sinkplaatpaaië van die distrik is destyds deur oom Armaans uitgestryk. Op 'n Maandag vroeg kon jy sien hoe hy met die geel padskraper, 'n woonwa op hoë wiele en die dieselkar in gelid, die dorp uity en koers vat na een van die vele grondpaaië in die distrik.

By die padkamp het hy die woonwa vir die week staangemaak en die werkers se tent laat opslaan. 'n Padkamp was soms 'n toegekampte stukkie grond van die PAO, maar op meer afgeleë dele was 'n padkamp enige paar bloekombome wat skuiling teen die westelike son gebied het.

Die padskraper en oom Armaans is met brute krag die bulte uit, met die lem wat 'n sooi los grond in die middel van die pad vir die omdraaislag gelos het. Dit was nogal 'n groot ding vir ons plaasjapie om oom Armaans se geel padskraper te hoor aankom. Met die gedreun van die skraper in aantog, is afgedraf pad toe om die gevaarte eerstehands te beleef. Die vars geskraapte strook het dan soos 'n teerpad vir 'n dikwielfiets geloop.

Oom Armaans het sy dag se heen-en-weer vanaf 'n padkamp netjies uitgemeet. Hy het geweet tot waar om die skraper te druk, om vóór sonder weer in die padkamp te wees. Meestal was die pad twee skraapsels breed. Hier en daar op die vlakke was 'n effense breër strook wat 'n vier-skraapdraai nodig gemaak het.

Om 'n pad te skraap het die beste gewerk na 'n lekker bui reën geval het, want dan kon die pad se sinkplaat met 'n diep lem uitgepluis word. In die droë seisoen was dit maar 'n gesukkel met die skraperlem wat eintlik net die gruis losgewoel het. Dié het dan soos albasters oor die pad gestrooi gelê. Dit was meet en pas om 'n kar se neus in een rigting te laat loop oor sulke los gruis.

Hoe dit ook al sy, almal was altyd bly om ou Armaans en sy geel padskraper te sien. Net so vir 'n bietjie kontak met die buitewêreld en nuus van die buurdistrik.

Tant Nakkie en tant Tassie is een middag dorp toe oor die vars geskraapte pad. Tant Nakkie penorent soos 'n meerkat agter die stuur van haar bruin Datsun en tant Tassie met ses dosyn eiers op haar skoot om te ruil vir negosieware.

Alles het goed gegaan tot op die laaste bult voor die dorp, toe hulle oom Armaans op pad terug na sy padkamp ontmoet het. Eintlik was die padskraper en die Datsun die enigste verkeer in die omtrek. Dat hul mekaar op dié bult moes ontmoet, was pure onvoorsienigheid.

Die verrassing van 'n ander voertuig op die pad was vir beide partye een te veel. Oom Armaans se stel valstande en die padskraper se lem het verloor soos hy ankers gegooi het. Tant Nakkie het net een rigting geken en dit was reguit om die draai, deur die doringdraad.

Oom Armaans was nog op 'n drafstap op pad om te kyk hoe hy kan help, toe die eier hom tref. Die res van die ses dosyn eiers was verdeel tussen tant Nakkie en tant Tassie se kapsels en die verkeerde kant van die voorruit.

Dié wat weet van die ramspoedige middag, het daarna baie begrip gehad vir die bamboes met 'n rooi vlag wat oom Armaans bo-op die padskraper se kajuit vasgemaak het: Soos 'n ster bo-op 'n krismisboom. En die res van die gemeente het ook verstaan waarom tant Nakkie nooit weer verder as die tweede rat van haar bruin Datsun gevorder het nie.

Ou Neef, as jy 'n rooi vlaggie oor die bult sien kom, hou 90 en hou links.

Groete op die Oosgrens!

Kleinneef



Lesers is welkom om 'n e-pos aan Kleinneef te stuur by [kleinneef@graingrowers.co.za](mailto:kleinneef@graingrowers.co.za).



# MONSANTO EN JY ...

... saam sorg ons vir ons gemeenskap

Monsanto is bewus van die behoeftes in ons gemeenskappe en met ons betrokkenheid daar waar ons woon en werk en met ons projekte, wil ons graag hoop, waardigheid en integriteit aan die gemeenskappe bied.

**MONSANTO** het 'n rol gespeel om die Buhle Akademie, waar boere indiensopleiding ontvang, te vestig. Ons is ook betrokke by skoolprojekte, die instandhouding van skoolbusse, vrouedae, sportaktiwiteite, gemeenskapsopleiding, veiligheid asook ander borgskappe en donasies in jou gemeenskap. Deur samewerkingsvennootskappe fasiliteer ons gemeenskapsbetrokkenheid en die vestiging van winsgewende ondernemings om 'n volhoubare toekoms vir almal te skep.

## Koester 'n volhoubare toekoms

MENSE  
AARDE  
MAATSKAPPY



Kontak ons by: **011 790-8200** of **customer care.saf@monsanto.com**

Monsanto is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.



So veelsydig en aanpasbaar  
as wat jou boerdery vereis



Voergewasse waarop jy kan staatmaak. Ons veelsydige weidingspakkiet lewer voer met 'n hoë-drakrag en smaaklikheid en is geskik vir melk-, vleisbees- of skaapproduksie.

### Ons Voergewaspakkiet

Lusern	Intensiewe Grasse	Droëland Wintergewasse	Eenjarige Subtropiese Gewasse
Dormansieklasse 7 en 9, weiding en hooitipes	Eenjarige Raaigras Meerjarige Raaigras	Hawer Korog Stoelrog Japannese Radys	Voersorghum Tef



**PANNAR**®

Saam boer ons  
vir die toekoms™

infoserve@pannar.co.za  
www.pannar.com

